

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 7, NO 11/12 NOV/DES 2001

REDAKSIONEEL

## Die Woord het vlees geword

Die apostel Johannes se evangelie het 'n proloog, 'n woord vooraf. Die Heilige Gees openbaar in die proloog (hoofstuk 1:1-18) die diep en ryk betekenis van die Kersfees.

Ons maak in Johannes se proloog kennis met die Woord, die Logos. Die eerste vers van die evangelie karakteriseer die Woord in drie kort sinne. 'In die begin was die Woord.' Dit is die eerste sin. Die Here herinner ons aan Genesis 1. In die begin het God die hemel en die aarde geskape. In ses dae het Hy die aarde bewoonbaar gemaak vir die mens. Elke skeppingsdag is aangekondig met die woorde: 'God het gesê' ... God het sprekend, deur die Woord, sy skeppingswerke verrig.

Is die skeppende Woord slegs 'n woord, 'n stem? Nee, veel meer. Die tweede kort mededeling oor die Woord vertel: 'Dié Woord was by God'. Hy was nie maar 'n stem nie. Hy was 'n lemand, 'n Persoon. 'By God' beteken: in die mees intieme relasie met God. Nie dieselfde as die Skepper nie. Die Woord, die Seun, is en bly altyd van die Vader (sien vers 18) onderskei.

Beklee die Woord, die Persoon van die Seun dan 'n laer rang as die Vader? Is Hy 'n skepsel, moontlik die hoogste skepsel? Nee, volstrek nie. Die derde sin in vers 1 sê: 'Die Woord was God'. Die Seun van God is onderskei van die Vader. Hulle is twee onderskeie Persone. Al twee is voluit God. Watter skepsel sal dit met sy verstand kan bemeester?

Daar is selfs nog die derde goddelike Persoon. Ons ontmoet in die proloog van die vierde evangelie nie 'n twee-enige nie, maar ons drie-enige Here: Behalwe oor die Vader en die Seun ontvang ons openbaring oor die Heilige Gees. Hy inspireer die apostel Johannes sodat sy menslike woorde dié van die Gees is.

In Johannes se proloog val die nadruk op die Seun. Nie die Vader of die Gees nie, maar die Woord, die ewige Seun van God, het in die volheid van die tyd 'vlees geword'. Dit openbaar die Gees in vers 14. Die wonder van alle tye: Maria kry 'n Seun sonder enige tussenkoms van enige man. Die Heilige Gees oorskadu haar. Maria ontvang lewe in haar skoot van die Gees.

Die Kind wat uit haar gebore word, is die vleesgeworde Woord. Hy het gebly en bly tot in ewigheid. Wie Hy was: die ewige, eniggebore Seun van die Vader. Die Seun word deur sy

ontvangenis en geboorte wat Hy tevore nooit was nie. Hy word mens. Hy is sedert sy ontvangenis en geboorte God en mens in een Persoon en bly dit tot in alle ewigheid.

Die menswording as sodanig is geen vernedering nie. Dan sou Hy wat vandag aan die Vader se regterhand sit, nog in die staat van vernedering wees. Nee, sy vleeswording beteken die aan-neming van die mens se vlees *na die sondeval*. Sy ontlediging (vernedering) is die aanneming van die gestalte van 'n dienskneg (Filippense 2:7). Hy word nie paradysmens nie, maar vlees, 'n man van smarte en bekend met krankheid' (Jesaja 53:3).

Die Kind in die krip by Betlehem ... Toe is vervul wat die adelaar onder die profete gebied het: 'Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal' (Jesaja 64:1). Kersfees: 'God is geopenbaar in die vlees' (1 Timoteus 3:16). Hy het die hemele geskeur en neergedaal. Ja, 'die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon'. So hoor ons in vers 14 van Johannes se proloog. 'Gewoon'? Die grondteks sê: Hy het onder ons tent opgeslaan, getabernakel. Die tent laat ons dink aan die tabernakel en die latere tempel in Israel. Daar het God woning onder sy volk gemaak. Die Messias is God se lewende tabernakel en tempel. Die volheid van God woon in Hom.

God en mens in een Persoon. Onse Here Christus is ons *unieke* Middelaar. In die geval van geskeie partye wys mense 'n onpartydige bemiddelaar of skeidsregter aan. Hierdie Middelaar tussen God en mens, geskeie verbondpartye sedert die sondeval, is nie onpartydig nie, maar so partydig moontlik. Hy het deel aan beide partye. Hy is God, verteenwoordig God by die mense. Hy verklaar die Vader (vers 18). Hy bring die Vader na ons toe.

Hy is ook mens. Hy verteenwoordig sy mense by God. Hy doen orals en altyd volmaak die wil van die Vader. Hy dra ons straf, die ewige dood, en dra dit weg. Hy beklee ons plek. God reken sy geregtigheid aan ons toe. Hy reken aan sy liewe Seun ons sondes toe en straf Hom in ons plek. So versoen Hy Hom met ons in Christus.

Kersfees en Jesus-studies ... Moderne teoloë, sogenaamde Godgeleerdes, span hulle in om Jesus, die Christus, te ontgoddelik en te vermenslik. Sowel sy ontvangenis deur die Heilige Gees as sy opstanding word platweg en brutaal verloën.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 Redaksioneel**  
*Die Woord het vlees geword*
- 2 Skrifoordenking**  
*Die Grieke wil Jesus graag sien*  
Ds SJMS Smit
- 3 Fokus**  
*Om Christus in Afrikaans te vloek*  
Ds ALA Buys
- 6 Op die kerkerf**  
*Indrukke van die Partikuliere Sinode Noord Transvaal*  
Ds HLJ Momberg
- 7 Calvyn en**  
*Woordverkondiging*  
Dr VE d'Assonville
- 10 Opvoeding en onderwys**  
*Onderwys volgens die gereformeerde kerkerf*  
Dr JG Meijer
- 13 Regsmediese etiek**  
*Eutanisie*  
Dr AH van den Bout
- 18 Rekenaar en internet**  
*Bybelprogramme*  
Dr AH Bogaards
- 19 Perskou**
  - *Jabes en Jesus*
  - *Paniekkwadraat*
  - *Jeug in verwarring*Ds GJ Meijer

Wie die Middelaar ken en liefhet, laat hom of haar nie mislei nie. Die Heilige Gees openbaar die diepte van Kersfees in die evangelie van Johannes met die bedoeling 'dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam' (20:31).

Kersfees: Die Woord het vlees geword. Hy is die enigste Middelaar. Ons redeneer nie met kwasi-teoloë oor Hom nie. Ons neem nie maar kennis van 'n heilsfeit nie. Ons glo in Hom, die Vader se genadegeskenk.. Ons het die lewe in sy Naam. Dié lewe duur tot in ewigheid.

## SKRIFOORDENKING

# Die Grieke wil Jesus graag sien

Ds SJMS Smit, Oos-Moot

*Johannes 12:20-23*

**En daar was sommige Grieke onder die wat opgekom het om op die fees te aanbid; hulle het na Filippus gegaan wat van Betsáida in Galilea was, en hom gevra en gesê: My heer, ons wil Jesus graag sien. Filippus kom en sê dit vir Andreas, en Andreas en Filippus vertel dit weer aan Jesus. Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.**

Die verheerliking van Jesus Christus bestaan volgens Jesaja 55 en Johannes 12 onder andere daarin dat Hy uit al die volke en tale en nasies van die aarde die ware volk van God tot Hom en tot aanbidding van Hom sal bring. Tot verheerliking van die Heilige van Israel.

Die verheerliking van Jesus bevestig die profesie aangaande die Messias. Jesus is die lig van die wêreld, die getuie vir die volke, 'n vors en 'n gebieders van die nasies.

In Jesus Christus sluit God 'n nuwe verbond met die nasies, en in Jesus Christus kry die nasies deel aan die seën van die belofte wat God aan Abraham gemaak het: In jou sal die nasies geseënd wees. In Jesus ontvang almal wat dors het, die bestendige genadebewyse van Dawid – strome van God se liefde, heerlikheid, al die vette van die huis van God!

In Jesus vind ons die Verbondsgod; in Jesus mag ons God aanroep en Hom Vader noem. In Jesus is daar barmhartigheid en menigvuldige vergiffenis van sondes te vinde. In Jesus ontvang ons vreugde en vrede en redding uit die dood en die lewe tot in ewigheid.

Die Here het deur Jesaja geprofeteer dat die nasies en die volke die rykdom en seën in Jesus Christus sal verkry en na Hom sal toegaan!

Hierin sien ons ook die vervulling van die belofte van God aan Dawid, hierdie belofte: 'Daar sal vir ewig Een vir jou op die troon sit' om oor die nasies en die volke en die ganse skepping te regeer, Koning te wees.

Dit is sy verheerliking!

Tydens die intog in Jerusalem verheerlik die skare Jesus deur hulle uitroepe. Dit is Hy wat met Lasarus se opwekking uit die dood aangetoon het dat Hy in die donkerste uur van die mens se bestaan, in die dood, die lig van die wêreld is, en die lewenslig laat deurbreek. Hy wat oor lewe

en dood regeer, kom om sy koningsheerskappy te vestig! Toe die skare Jesus verheerlik, vervul God sy belofte aan Dawid en aan Abraham.

Hierdie verheerliking (onder meer) het Jesus gehaat gemaak in die wêreld, in besonder by die Fariseërs. Die Fariseërs kan nie anders as om uit te roep: 'Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan' nie.

Dit is immers die doel van sy koningskap, nie waar nie? Die hele wêreld moet Hom volg, want in *Hom* het ons saligheid. Buite Hom is daar *geen* saligheid nie! Dit is dus baie tragies as die Fariseërs Jesus en sy koningskap verwerp. Hulle verwerp daarmee die vervulling van die beloftes wat God aan Abraham en Dawid gemaak het.

In teenstelling tot die verwerping van die Fariseërs staan die teksvers: Die Grieke kom om Jesus te sien!

Die Grieke was Godvresende proseliete wat na Jerusalem gekom het om die pasga te vier. Hierdie Ou Testamentiese gelowiges wat die beloftes van God in die Ou Testament geken en geglo het, het vir Filippus bly vra om Jesus te sien. Wat die Fariseërs, die teoloë van die tyd, nie wou glo nie, het hierdie 'bekeerde' Grieke begeer om te sien: Jesus! Die Vervulling en Vervuller van die beloftes van die Ou Testament! Hulle wou Jesus sien, maar meer as net sien. Hulle wou met Hom praat, Hom ondervra, Hom leer ken, van Hom leer. Jesus – die Verlosser van die wêreld!

Die Grieke wil Jesus sien.

'n Mens sou verwag dat Jesus Hom sou verheug in die blye tyding dat nie net die Jode wat Lasarus se opwekking aanskou het, gekom het om Hom te sien nie. Die erkenning van Hom in Israel kring uit. Die Grieke is die begin van die nasies wat toestroom om *Hom* te sien! Mens

### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

#### Voorsitter:

Dr AH van den Bout  
Tel (012) 332-2988  
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

#### Redaksie:

Ds ALA Buys  
A Juyn  
Ds GJ Meijer  
Dr JG Meijer  
Ds SJMS Smit

#### Eindredaksie:

Dr JG Meijer  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel (012) 329-1465  
E-pos:  
jgmeijer@cybertrade.co.za

#### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Dr JM Boon  
Prof JC Coetzee  
Prof GJC Jordaan  
Dr AH van den Bout

#### Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel (012) 335-9134  
(Mev Hanneke Das)

#### Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley Plaza

#### Intekengeld:

R 100 per jaar

#### Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

#### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
E-pos: printbur@mweb.co.za

sou 'n vreugdevolle reaksie by Jesus verwag.

Maar as Filippus en Andreas die blye tyding bring, word Jesus ontsteld. Want in hierdie blye tyding dat die Grieke kom om Hom te sien, is die tyding van sy kruisdood en begrafnis opgesluit. As Jesus die teken ontvang: 'die Grieke het gekom' ..., dan weet Hy dat sy uur gekom het om eers te sterf aan die kruis en sy bloed te stort en daarna verheerlik te word om die beloftes van God aan Abraham en Dawid te vervul. Hierdie vervulling van die beloftes moes eers by die kruis en die graf verby. Sy verheerliking geskied nie sonder die vernedering van die kruis en die graf nie!

Die Grieke vra: 'My Heer, ons wil Jesus graag sien.' Hulle vraag bring vir Jesus sy kruis naby. Hulle stel 'n vraag waarvan hulle en al die gelowiges se lewe afhang.

Johannes beskryf vir ons breedvoerig dat Filippus van Betsaida in Galilea die Grieke wat tot die Joodse geloof gekom het, moes bekendstel aan Jesus. Dit is die einste Filippus wat self Jesus geëien het as die Verlosser wat die Ou Testament geprofeteer het (Johannes 1:44vv). Hy kry nou die geleentheid om Griekse gelowiges, uit ander nasies, tot die Vervuller van die Ou Testament te lei.

En dan breek die uur aan, waarop die seën en die koningskap waarvan die Ou Testament geprofeteer het, vervul kan word. 'n Belangrike heilshistoriese oomblik.

Die Grieke wou Jesus sien... Filippus, wat Jesus geken het as Messias kragtens God se belofte, kon hulle na Jesus lei... sodat die uur van die vervulling van die belofte van seën en koningsheerskappy kon aanbreek.

Dit plaas 'n appèl op ons. Ons glo mos ook in die verheerliking van Christus. Ons leef nou midde in die seën wat in die begin uitgespel is, en ons is getroos dat ons leef onder die koningskap van Jesus Christus, nie waar nie?

Die vraag is: Lei ons die nasies om in Jesus, die vervuller van die beloftes aan Dawid en Abraham, te glo?

In die onlangse rasse-beraad in Durban is kolonialisme as voorloper van apartheid verdoem. Maar die ironie is - en dan sien ons dat God se weë inderdaad nie ons weë is nie: Uit dieselfde sogenaamde verdoemde (as ons die woord mag

gebruik) kolonialisme ontstaan daar 'n Franssprekende kerk in Afrika, in die Kongo.

Die GKSA dra by om vyf predikante en hulle gesinne te versorg sodat die Woord van God uitgedra kan word aan die heiden-nasies. En wat 'n mens tref is dat hulle die werke van Calvyn in die oorspronklike taal, Frans, lees en verstaan (iets wat ons dalk nog nie in Afrikaans eers gedoen het nie).

Dit beteken dat die reformasie kan deurbreek in Afrika. Christus se koningsheerskappy, sy seën aan volke wat ons nie eens geken het nie. Dit is ongetwyfeld 'n teken van sy verheerliking.

Die vraag is: Lei ons die nasies so dat hulle vir Jesus, (die Vervuller van die beloftes aan Dawid en Abraham) leer ken? Jesus die Gekruisigde... Seun van Abraham. Jesus die Koning... Seun van Dawid. Jesus die Verheerlikte ... Laat ons hulle vir Jesus ken soos Hy is?

Dit is in die eerste plek 'n groot verantwoordelikheid vir ons as GKSA in die opleiding van hierdie predikante (en ander 'Grieke'): Hulle wil deur die werking van die Gees van God graag vir Jesus ken... Ons moet sorg dat hulle Jesus en niks anders as Jesus leer ken nie. Sy koningskap, die gesag van sy Woord, sy regering, sy reg.

Die Gereformeerde Kerke moet altyd reformerend wees. Dit is die doel van die reformasie: Om die kerk te suiwer van allerhande valse leerstellings sodat die nasies Jesus kan leer ken.

Dit is die belangrikheid van die suiwer verkondiging van die Woord van God: Om Jesus te ken. Handhawing van Skrifgesag is noodsaaklik om Jesus te ken.

Dit plaas ook 'n verantwoordelikheid op elke gemeente en elke gelowige: Wat doen ons wat Jesus uit die Skrif deur die werking van die Heilige Gees in ons ken, sodat die nasies Jesus kan ken – tot sy verheerliking?

Dit is ons opdrag van God: dat ons Jesus vir hulle moet toon. In ons teologie en in ons getuienis. Hulle moet Jesus sien as die gekruisigde, die verheerlikte, in wie daar seën vir die nasies is, wat Koning is tot in alle ewigheid!

God gee vir ons 'n teken. Die nasies kom om Jesus te leer ken. Dit is ons uur in Afrika, om hulle na Jesus te lei, sodat God verheerlik kan word.

## FOKUS

# Om Christus in Afrikaans te vloek

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Om te praat is belangriker as om te swyg. Al lê daar goud in die stil wees - veral voor God. Deesdae praat die Afrikaners baie, oor hulleself, verby hulleself, met hulleself. Hulle praat (oor) hulle taal. Daar kan selfs van 'n nuwe Afrikaanse beweging (NAB) gepraat word. Hierdie beweging is nog grootliks ongedefinieerd maar het sterk trekke (miskien die toonaangewendste trekke) van die postmodernisme opgeneem. Die nuwe Afrikaans praters wil oop wees, en vry, vry om te vloek en te seën sonder enige sensuur, binne of buite die kop. Die praters wil 'n breuk met die verlede maak, en terselfdertyd 'n (hoogs individuele) persoonlike voortsetting van die eie geskiedenis handhaaf.

Kortom: hulle is moeg gewroeg oor apartheid. Hulle is daarteen omdat hulle nie daar was nie; hulle wil hulleself nie meer beskuldig nie en die aflatbriewe se afbetaalpryse het 'n bietjie onbekostigbaar duur geword. Maar hulle is net so keelvol vir neo-apartheid. Hulle is teen enige vorm van - veral nou se dae – taaldiskriminasie. Hulle aanvaar die demokrasie en bepraat veeltaligheid, dring aan op Afrikaanse sensusvorms, meer om die ANC 'n punt te wys as om dankbaar en bly Afrikaans te bly praat.

Hulle ruk op na al wat fees is in die Karoo en in die weste en in vele ander windrigtings net om onbewus 'n diep behoefte te stil om net vir 'n salige rukkies net Afrikaans te hoor en te praat



en dit *net* sonder die nodige skuldgevoelens. Op die meeste taalfeeste is daar twee vlakke: die kunstenaarsvlak, waar daar meestal nog geploeter word om met die nuwe vryheid dalk 'n nuwe artistieke luiheid te verbloem ('n Hardebaard kaartjie verkoop glo gouer as 'n melkbaard). En dan die vlak van die 'volk' tussen die stalletjies, wat koop en kuier en praat oor alles en *nog* niks. Sebulon Dread, 'n self aangestelde taalanargis, vlieg die feesgangers gereeld die hare in oor hulle melkwit feeste, en die verstikkend politieke korrekte borge en vlugvoetige organiseerders sit al hoe meer met die hande in hulle hare oor hierdie vreemde 'volksverskyning' van die *al pratende* Afrikaans praters.

Gereformeerde Afrikaans praters bevind hulle ook binne hierdie beweging. Die vraag aan die kerk in hierdie verband is: Is hierdie beweging goed? Kan ons met hierdie stroom saamgaan omdat daar ongesê in ons binneste hartsnare gestreel word wat ook vir ons so oerbekend en bemind is? Mag gereformeerdes meedoen aan die nuwe taalbeweging; is dit nie dalk 'n sataniese verleiding nie? Of nog meer roepingsbewus - moet ons leiding gee met ons gepraat (belydenis) aan hierdie beweging? Die pdaanwysers is duidelik: verlei of bely.

Het die gereformeerde belydenis plek in hierdie taalbeweging?

Die wydte van die gereformeerde belydenis word skaars in die gereformeerde kerk raakgepraat, en daarom word daar weinig (of sal ons sê, niks) belydenistaal in hierdie debat gehoor nie. Die rede hiervoor is dat ons gereformeerdes te s.i.e.k. (soewerein in eie kring) geword het. Die kerk moet deesdae sy plek ken en verken. Ons wag maar, beskaafd en goed(op)gevoed in die postmodernisme, op 'n spreekbeurtjie, 'n spreekuurtjie as die wêreldse Afrikaans prater dalk 'toevallig' verby die kerkdeur strompel, net om dan te hoor dat die kerk nie eintlik hou van die vreeslik vleeslike vloekery in die toneelstukke (waarvan die kerk gehoor het in die al te vrypostige kort resensietjie van die *Beeld*-verslaggewer) nie. Van die dakke af skree ons nie, van 'n omvattende kultuurbeskouing is daar tans in die gereformeerde lewe geen sprake nie en ons sit dus sit met 'n mond vol (kuns)tande in hierdie Afrikaanse debat.

Jesus Christus is die Hoof van die skepping, en só is Hy aan die kerk gegee. Hy is Hoof van alle dinge. Hy verwag dat ons Hom in alles dien, ook in die taalgebruik. Ons bely dit met die hart (Romeine 10:9-10), maar nie met die mond nie. Ons het net 'n kerk-Christus begin aanbid, maar van 'n wêreld-Christus, wat Hoof is van sy skepping, praat ons nie.

Die gevolg? Daar is valse, wêreldse christusse aan die opstaan - ook in die Afrikaanse taalbeweging. Want die nuwe Afrikaanse taalbeweging kan (nee, gaan) 'n nuwe Christus vir ons word: ons nuwe politieke messias. Die taal gaan ons red, want die taal maak ons anders en daarom eenders. Anders as ander en daarom mag ons eers al pratende praatregte opeis. En dan sal die taal doen wat geen geloof kan doen nie. Ons sal los van Jesus Christus eenders word. Ons sal verenig agter 'n pragtig pratende ideaal: om te wees soos ons praat. Maar dis geen belydeniswoord nie, omdat die Afrikaanse taalbeweging nie opkom uit die brusing van God se Woord(e) in ons ore nie, maar dis 'n beweging wat opkom uit ons eie woord. Ons eie taal word dan ons messias wat aan ons sal gee wat ons self wil - en eiemagtig mag vat, en egoïsties moet hê.

Die Afrikaners moet weet dat die satan alle volke, **tale** en nasies agter hom aan wil verlei. Ons is nie immuun teen sy gif nie. Ons kan onself al pratende van Jesus Christus af losskeur, omdat ons 'n Redder wil hê, maar nie 'n Koning nie. 'n Koning wat ook die sê het oor al ons gepraatery.

Gereformeerde, dink mooi wat jy doen as jy feestelik in en oor Afrikaans begin rond praat - sonder jou belydenis - omdat jy

dink dat die kerk niks te sê het vir hierdie taal nie. Jy praat mos so lekker, want die dominees preek tog so lekker - net vir die kerk. Die wat so praat - en veral die Woordbedienaars wat so preek - sonder 'n wêreld-belydenis oor Christus as taal-Koning - moet weet dat hulle daardeur Afrikaans, en sy praters, in die hand van satan oorgee. Praat ons nie soos ons belydenis word nie? Vir 'n deel gereformeerdes is ons dierbare belydenis onbruikbaar, want die belydenis word as aansteeklik s.i.e.k. in kwarantyn gehou agter die kerkmuurtjie, dis te sê as die belydenis nog deesdae die kansel haal.

Die vaders eet die groen duiwe - en die kinders nog meer. As jy nie gaan bely nie, nie net jou taalsonde nie, maar veral om Jesus, die Christus as taal-koning te bely, dan gaan jou kinders nog minder bely as jy: Nog Jesus, nog Christus, nog kerk, nog koninkryk. En hulle gaan tandeloos Woord-eloos ly onder die groen duiwe van 'n aaklige God-losse nasionalisme. Daar is 'n lyn wat loop: van taal na volk na grond: òf vir òf teen (anti) Christus.

Jou kind luister as jy nie praat nie. Hy luister na die stilte, en die stilte is soet vir hom. Belydenislose feesgangers baar en kweek in 'n dekade of wat in verleë stilte daadkragtige nasionalistiese bomplanters. Jou kind gaan gryp na wat hy soek, omdat jy niks geloof-waardigs gesê het nie. Dan word jou Afrikaanse terroriskind - wat nie kon emigreer nie, want jou pakketgeld en sy regstellende aksie-geld het saam opgedroog - 'n sprekende voorbeeld van 'n belydenislose kerk. En hy sal homself 'n vryheidsvegter noem. In Afrikaans. Sonder gebed. Sonder gebit. Ja, die gereformeerde kerk het homself dan doodgeswyg omdat hy niks te sê gehad het in die taaldebate nie. Dan het ons 'n ware s.i.e.k-sekte geword, omdat ons woorde nie Jesus Christus, die Woord, raakgepraat het nie.

Hoort die belydenis in die taaldebate? Moet ons, gereformeerdes, leiding gee aan hierdie beweging? Of moet ons dalk 'n nuwe beweging begin?

Hoort die belydenis in die taaldebate? Ja, so waar as die Here leef! Hier moet ons getuieis oor die pinkstergebeure ons taaldebate lei. Ja, die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2) - as ons die volle feestelike omvang daarvan vir die kerk en die wêreld begryp - sal en moet die geboorte van 'n nuwe - maar die keer waaragtige - taalbeweging noodsaak.

Die pinkstergebeure het vandag te doen met 'n spreek- en hoor-wonder. Staan die wêreld verwonderd oor wat hulle hoor wat ons (ten eerste as gereformeerde Afrikaans praters) sê? Wonder ons eerder wat om vir die wêreld te sê? Of laat die wonder ons praat, iets waarliks sê? Om te swyg voor God is goed. Om - na pinkster - te swyg voor die mense is sonde. 'n Dodelike taalsonde.

'En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? ... ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot daad van God spreek' (Handelinge 2:6-11). Hier lê die sfeer vir ons taaldebate. Daar is kerke wat vergeet dat hulle moet preek oor die Redder, Jesus die taal-Koning, wat 'n volk deur sy gelowiges salf, as die enigste Christus, om hulle eie taal diensbaar te stel aan die getuieis oor die groot daad van God. Ons het nie ten eerste 'n mondprobleem nie, ons het 'n oorprobleem. Hoor ons (nog) die volle Woord van God? Alles wat Hy geopenbaar het? Haal ons uit die Woord alles wat daarin geberg is? Baie gepraat is 'n gehoorprobleem. Dan word die taaldebate nie deur die Woord beheers nie. Baie gereformeerdes is nie net skaam nie, hulle is onmondig om effektief aan die taaldebate deel te neem.

Die pinksterwonder is 'n vervulling van 'n ou sendingprofesie van Jesaja (19:18): 'In dié dag sal daar vyf stede in Egipteland wees wat die taal van Kanaän spreek en by die Here van die leërskaare sweer...' Jesaja profeteer oor die groot dag van God se oordeel. Die oordeel wat in Christus se kruisdood voltrek is vir die kerk, en by die oordeelsdag voltrek word oor die res van die bevolking. Christus se oordeel sal ook oor die tale heengaan, ook oor Afrikaans. Jesus Christus beloof dat Hy selfs die gehate Egipte, land van slawerny, die taal van Kanaän sal leer. Nie (net) Hebreeus of Aramees as formele grammatika, met 'n onderliggende taalfilosofie nie, maar veral die taal van Kanaän as verlossingstaal. Egipte sal by die HERE van die leërskaare sweer. Hulle sal getroue belyers van die Here word. Jesus Christus as Koning sal ook hulle taal deurdrenk sodat hulle al pratend sy Koningskap - waar geen einde aan is nie - sal bely. Wat Hy sê, is wet. Koninkrykswet. As Profeet sal Hy ook hulle lippe salf - nie net hulle dominees s'n nie - maar die hele volk om sy Koningswoord en wet te verkondig. Wonderbaarlik vir almal wat wil luister en ook vir diegene wat hulle ore toestop. As priester salf Hy Egipte tot offervaardige diensbaarheid - sodat elke deel van die Egiptiese volksarbeid, ook 'n taaldebat - geheilig word vir die diens aan Jesus Christus. Vir diens aan Hom alleen. In dié dag sal Egipte sweer by die HERE van die leërskaare.

Gereformeerde Afrikaans prater, kansvatter, weet jy dat jy eens Egipte was? Wat het van Jesaja se profesie onder ons volk sigbaar geword? Jesaja se profesie is geldig vir die huidige taaldebat, maar wat hoor ons daarvan? Weinig, want kerke handhaaf hul stilswye na pinkster.

Egipte sweer by die Here. En ons? Ons taal? Van ons mense sweer by God en swets oor God. Nie maar net die 2-tot-18 toneelstukke wat so braaf sensuurloos sondig nie, maar ten diepste vloek ons Christus in Afrikaans, omdat ons Hom bely as ons Koning in die kerk, maar Hom mishag in sy drievoudige amp in al die ander sferes van ons bestaan. Ons sê ons glo in Christus, maar as Hy sy profesie en sy pinksterwonder in ons taal wil waar maak dan is dit nie maar die satan nie maar veral kerkmense wat hom teenstaan: elkeen wat sê (bely) dat hy weet van sy amp, maar nie voor ander sê wat hy weet nie.

Wie sê wat ons moet sê? God se Woord. Al sê die wêreld 'sê wie?' of 'hoe sê?' mag ons nie swyg oor die groot daad van God die Vader in Jesus Christus nie. Nie net aan die kruis nie, maar ook na die kruis handel die Vader met ons deur die

regerende, profeterende, offerende Christus. Dit oorspan ook ons hele volksbestaan as Afrikaners. Ons, gereformeerde belyers, wat die taal van Kanaän leer ken het, wat dit gehoor en geglo het, moet hierdie boodskap van die dakke af uitbasuin.

En luister goed kunstenaars, julle wat met julle geheime taal verstom en verbaas: Ons wil verbaas wees - nie oor julle Afrikaanse gevloek op die Christus nie, nie oor julle gedrag as volgelingen van die slang nie; nee, ons wil verbaas en verwonderd staan dat julle in *ons eie taal* oor die *groot daad van God* getuig. En vergeet maar van 'gospel' en blote bybeltemas op 'n doek of in verse gerangskik; dit is oppervlakkig. Die hêle skepping behoort aan die Hoof. Buig voor die Koning. Sê wat die Profeet sê. Doen kunstdiens soos die Priester dien. Verkondig dit! Dit sal jou 'n lewe besig hou - 'n ewige lewe.

En aan die vloekende Afrikaners net dit: Dit kom julle nie toe om met julle taaldebat opstand teen die Koning te stook nie. Taalregte word menseregte, en menseregte is 'n ander man se god(sdiens). Geen vreemde gode in Kanaän; jy kom dan uit die slawerny van Egipte. Die Koning het reg op jou tong - en van elke ligsinnige en lighoofdige woord sal jy verantwoording doen voor die Groot Raad. En jou tong sal jou nie bevry nie. Jou bevryding lê by die gekruisigde Jesus, die gevloekte Christus. Jy sê dat jy dit alles glo. Waar is dan die welriekende geur van sy salf op jou tong? Begin praat oor ware vryheid. 'n Vry taal wat gepraat word deur 'n vrygemaakte volk (Afrikaanse Egiptenaars wat die taal van Kanaän praat) roep om bevryde grond waar God gedien moet word.

Hoor julle waaroor julle moet praat? Voel jy die roering wat die kunstenaar moet uitdruk op grond van die Woord van vrypraak? Sê 'vryheid' tog nie met 'n sjibbolet- aksent soos die Farao jou aan moedersknie met erfsondelike moedersmelk grootgemaak het nie. Slawekind, moet nie in Afrikaans op Christus vloek nie, want Afrikaans is geen goddelike taal wat nie kan verdwyn - saam met sy saampratere - weens die toorn van God nie.

Seën die Christus en lewe. Sê dan 'vryheid' met die hemelse aksent soos die Vader jou leer praat het. Sê Woord vir woord 'vryheid'. In alles vir almal.

Het die evangelie van Jesus Christus - wat sy volle Gees op die kerk uitgestort het - jou al aan die praat gekry? In Afrikaans? Of staan jy stil om nog weer op Hom te vloek, in taalteorie en taalpraktyk? In Afrikaans - jou moedertaal? Het jy al gehoorsaam aan die gesels geraak oor jou Vadertaal: in Afrikaans?

Die redaksie en administrasie wens al ons lesers

**in voorspoed en in teenspoed 'n geseënde nuwe jaar toe.**

*'God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.'*

1 Korintiërs 15:57-58

# Indrukke van die Partikuliere Sinode Noord Transvaal

Ds HLJ Momberg, Pretoria

Op 20 en 21 November het die Partikuliere Sinode Noord Transvaal vir sy laaste keer byeengekom in die formaat soos dit vir baie jare vergader het. Hierna sal die kerke noord van Pretoria in hulle eie Noordelike Partikuliere Sinode vergader. In Pretoria self is vier klassisse saamgestel wat as die Partikuliere Sinode Pretoria sal vergader.

By so 'n laaste vergadering voel 'n mens om introspeksie te doen oor die sake wat daar gedien het en die wyse waarop besluite geneem is.

## Moderamen

Die moderamen is soos volg verkies: dr Douw Breedt as voorsitter, ds Sarel Cilliers as ondervoorsitter, ds Lourens Aucamp as skriba en dr Klasie Heystek as hulpskriba. Hierdie broeders het hulle op uitnemende wyse van hulle taak gekwyt. Bespreking en besluitneming kon onder hulle leiding op die punt af wees sodat die vergadering voortdurend op skedule was.

## Eksaminering

Twee broeders het hulleself vir eksaminering deur die Sinode aangemeld om beroepbaar gestel te word. Die eksaminering - wat veral gepoog het om die broeders se gereformeerde oortuiging, toegepas in die verskillende teologiese vakke, en geïntegreer in die bedieningspraktyk te toets - het 'n aangename en positiewe afloop gehad. Aan die einde, met die groetboodskap van die Teologiese Skool, kon ook met dankbaarheid melding gemaak word van die deeglike gereformeerde begroning waarin die broeders by die Teologiese Skool gevorm word. Broeders Jaco Kruger en Wilhelm Leuschner is met vrymoedigheid beroepbaar gestel.

## Zimbabwe

Die Sinode moes verneem van die kerklike en bedieningsomstandighede in Zimbabwe. Ons is dankbaar vir die bediening wat onder moeilike omstandighede steeds daar voortgaan. Besluite is op so 'n wyse geneem dat die selfstandigheid van die kerke in Zimbabwe steeds erken word, veral ook wat betref die bestuur van hulle bates. Proponent Stephen Ndirande, wat van Zimbabwe afkomstig is en in Suid-Afrika gestudeer het, is vir 'n verdere jaar beroepbaar gestel. Die hoop bly steeds dat die Here hom daar in Zimbabwe mag onderskraag terwyl hy vir 'n beroep wag.

## Uitbreiding in Suidelike Pretoria

Dan het die vergadering kennis geneem van die kosbare werk wat dr Ed Gross van die Orthodox Presbyterian Church (OPC), Amerika, in die suidelike woongebiede van Pretoria verrig. Hy is 'n spesialis in die praktyk van kerkstigting. Hy is tans behulpsaam om 'n veelkulturele gereformeerde gemeente suid van Pretoria te stig. Een van sy studente sal ook by die Teologiese Skool en later by die Partikuliere Sinode Pretoria vir eksaminering en beroepbaarstelling aanmeld. Ons band van hartlike geloofsgemeenskap met die OPC was so sterk dat ons die gereformeerde gees vryelik uit die woorde kon adem wat

dr Gross tot die vergadering gerig het. "We wish you well" was die kort en kragtige dankwoord wat ds Petrus van Nieuwenhuizen namens die vergadering tot die broeder en sy kollega gerig het.

## Appèlle

Betreffende die gebruik van kelkies naas die gebruik van die gesamentlike drinkbeker by die nagmaal, was daar twee appèlle wat gedien het teen 'n besluit van Klassis Noordelike Pretoria. Wat die behandeling van hierdie appèlle so betekenisvol maak, is die feit dat die Sinode gedwing was om die besluit van Nasionale Sinode 2000 oor die gebruik by die nagmaal te interpreteer voordat uitspraak gegee kon word.

Die Nasionale Sinode het naamlik 'n prinsipiële raamwerk daargestel vir die prominensie van die gemeenskaplike drinkbeker. Die eis is daarby gestel dat, wanneer kerke hiervan afwyk, hulle hulself uit die Skrif moet verantwoord. Die interpretasie het naamlik daarby ingekom dat die Sinode wel die moontlikheid voorsien het dat kerke sou kon afwyk van die gemeenskaplike drinkbeker(s), maar dan die voorwaarde gestel dat hulle hulleself uit die Skrif daarvoor moet verantwoord. Die vraag is: Moet hulle die wyse waarop hulle afwyk (kelkies of strooitjies of wat ook al) uit die Skrif verantwoord, of moet hulle in terme van die beginsels van die nood-etiek hulle oor die gewigtige redes waarom hulle afwyk, verantwoord? Die Partikuliere Sinode het kennis geneem dat dit nie moontlik is om enige afwykings van die gemeenskaplike drinkbeker uit die Skrif te kan bewys nie, en dat die sinodebesluit derhalwe onuitvoerbaar en daarom *de jure* nie regseldig kan wees nie.

Om tog enigsins aan die sinodebesluit uitvoering te kan gee, is gekies vir die interpretasiemoontlikheid dat die gewigtige redes waarom afgewyk word, deur die kerk (bedoel kerkraad) uit die Skrif verantwoord moet word. En binne hierdie betekenisraam het die Partikuliere Sinode die appèlle laat slaag aangesien nóg die kerke wat in die geval afgewyk het, nóg die klassis wat appèlle hierteen behandel het, die noodsaaklikheid van 'n selfstandige kerklike verantwoording uit die Skrif as uitvoering van die sinodebesluit nodig geag het nie. Die betekenis van hierdie besluit is veelseggend in die sin dat kerke weereens daardeur opgeskerp word om hulle aan sinodebesluite te hou op die voorwaardes daarvan soos artikel 31 van die kerkorde en die openlike verklaring dit verwoord.

## Deputate

Dan is daar verskeie deputategroepe wat groot hoeveelhede werk ten dienste van die gemeentes verrig. Ons dink veral aan die deputate vir Christelike Onderwys en die deputate Jeugsorg. Die besondere nut van hierdie deputategroepe word erken en waardeer. Daar word met verskillende privaat inisiatiewe saamgewerk om die onderwys in die bane van die Skrif te stuur. Andersyds word toerustingskampe en ontspanningsgeleenthede vir ons jeug gereël, van dat hulle uit die kleuterskool na die laerskool gaan, totdat hulle uit die universiteite uitgaan.

Kerkregtelik gesproke kan hierdie kosbare deputatewerk die effek hê dat plaaslike gemeentes nie meer hulle verant-



woordelikeheid nakom nie, en dat ons onafwendbaar afstuur op 'n kerkegemeenskap met kolleges en sinodale strukture met swaargelaaide sinodale besture om ons kerkwees te reël.

## Kuratore

Die kuratorerapport en die groeteboodskap vanaf die Teologiese Skool was ook vir ons kerke betekenisvol. Prof JJJ van Rensburg het die Sinode as adviseur namens die Teologiese Skool bygewoon en het ook die groeteboodskap oorgedra. Daar is in die groeteboodskap verduidelik dat daar in die komende jare waarskynlik 'n tekort aan teologiese studente en predikante vir ons kerke gaan ontstaan, en die kerke is opgeroep om broeders vir die studies te identifiseer en te stuur. Daar is melding gemaak van die jongste struktuur van die akademiese baan en die verskillende grade wat studente in die teologie kan verwerf.

Verder is opnuut beklemtoon dat die Teologiese Skool eerste die skool van en vir die kerke wil wees. Daarom is met ontsteltenis kennis geneem dat die kuratorium nie sy weg oopgesien het om die oproep van die senaat van die universiteit op te volg om 'n broeder vir die dosering van Semitiese tale te beroep nie. Die gevolg hiervan is dat die Universiteit self iemand wat aan sy vereistes voldoen, sal aanstel. Die vergadering het ook 'n besluit geneem om die kuratorium dringend te versoek om sy besluit in heroorweging te neem.

Die rapport van die kuratore het die vergadering verbly. Die kuratore is met 'n indringende plan besig om hulle toesighouding

oor doseerwerk, die leer en lewe van studente en personeel te verskerp. Daar is ook op die vele korrespondensiestukke van die kerkrade ingegaan en waar nodig toepaslik opgetree. Daar was egter die dringende versoek gerig dat wanneer kerke korrespondensiestukke aan die kuratore voorlê wat klagtes bevat, die kerke versoek word om die nodige substansie aan daardie klagtes te verleen deur feitemateriaal saam te gee wat die klagtes staaf. So kan die kuratore in hulle taak gehelp word om hulle taak waardig te verrig.

Die kuratore het kennis geneem van die vergadering wat die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel onlangs oor die Teologiese Skool gehou het. Hulle is bewus van die kommer wat tydens daardie vergadering oor die gang van sake by die Teologiese Skool uitgespreek is, en sien daarna uit om met die bestuur van die Vereniging hieroor in gesprek te tree.

## En nou, vorentoe

By die laaste vergadering waar die kerke van die destydse Noord-Transvaal in 'n Partikuliere Sinode byeen was, kon ons met dankbaarheid terugkyk na jare van geseënde saamwerk om die taak van die voortdurende reformasie van die kerke aan te pak. Soos reeds genoem sal dieselfde hoeveelheid kerke volgende jaar in twee afsonderlike partikuliere sinodes vergader. Mag die Here ons steeds die nodige gawes van wysheid en insig gee om, terwyl ons die Woord reg sny, sy kerke wat ook ons dierbare kerke is in die eenheid van die ware geloof, diens en tug te bedien. Aan Hom kom die eer toe.

# CALVYN EN WOORDVERKONDIGING

## Die Begrip *Doctrina* by Calvin

Dr VE d'Assonville, Colesberg

### Inleiding

Sedert die tyd van die Nuwe Testament was die vraag oor die prediking, die vraag oor wát en hóé gepreek moet word, terselfdertyd altyd 'n vraag oor die 'leer', 'n vraag oor dít wat verkondig en geglo moet word. In hierdie verband het prof. W van 't Spijker so treffend gesê: 'Zo lang de kerk predikt, heeft zij zich te bezinnen op de pura doctrina, de zuivere leer.'<sup>1</sup>

Met verloop van tyd egter het die begrip 'leer' (*doctrina* in Latyn) in die kerkgeskiedenis 'n negatiewe konnotasie verkry. In 'n poging om die begrip 'leer' of *doctrina* beter te verstaan, is die algemene gebruik van begrippe soos 'leer', 'prediking/preek' of 'verkondiging', sowel teologies as in die omgangstaal, nie van groot hulp nie, intendeel. Ons lees byvoorbeeld in die *Theologische Realenzyklopädie* dat die onnoukeurige omgang met hierdie begrippe direk verbind kan word met die negatiewe houding wat daar heers oor die sogenaamde droë 'leer'.<sup>2</sup> Jare lank is ons almal reeds stille getuies hoe die 'leer van die kerk' (en daarmee saam die dogmatiek) in die aanklagtebank staan. Hoe gereeld gaan daar nie oproepe op van diegene wat daarvoor pleit dat ons tog net nie 'doktrinêr' moet wees nie. 'Christus mag verkondig word, maar tog net nie *dogmaties* nie.' 'Ons moet sendingwerk doen, maar verkieslik sonder *dogma*.' Ook uit die onderwys word alle 'dogma' of 'leer' verban. (Dat hierdie en soortgelyke standpunte self ook 'dogmaties' is, word natuurlik nie ingesien nie.)

Die vraag ontstaan egter, of ons nog begrip het vir dít wat gedurende die Reformasie onder die begrip *doctrina* oftewel

'leer' verstaan is? Is dit enigsins korrek om met 'n teenstelling tussen 'lewende geloof' en 'doeie leer' te werk? En die beskuldigings van intellektualisme en dogmatisme, wat vandag nog selfs in gereformeerde kringe teen Calvin ingebring word, hou dit water? Ten einde antwoorde op hierdie en soortgelyke vrae te kry, was dit die moeite werd om ondersoek in te stel na die wyse waarop Calvin die begrip *doctrina* gebruik het. Terselfdertyd kon die breedverspreide beskuldiging wat altyd weer die rondte doen, dat Calvin 'doktrinêr' sou wees, in die lig van só 'n ondersoek beoordeel word.

Behalwe vir die feit dat Calvin bekend is vir sy noukeurige gebruik van taal en begrippe - hy word in belangrike literatuurstudies oor die Franse taal as een van die baanbrekers vir die geskrewe en akademiese waarde van Frans gereken en hy was beroemd vir sy keurige beheersing van Latyn - is met só 'n ondersoek terselfdertyd ook aansluiting gevind by die internasionale Calvinnavorsing. Die afgelope jare word daar groot klem gelê op 'n in-diepte-teologiese analise van bepaalde begrippe in Calvin se werke, met die tendens om wyer as die *Institusie* - ook na sy preke, sy briewe, sy kommentare en ander werke van hom - te gaan kyk. Só word gepoog om dieper te delf en nie net blote algemene uitsprake na aanleiding van (slegs) die *Institusie* te maak nie.

1 Van 't Spijker, W. 1977. *Doctrina* naar reformatoerische opvatting, I: Het doctrina-begrip in de oude kerk, de Middeleeuwen en aan de begin van de Reformatie. *Theologia Reformata*, 20:263.

2 Ritschl, D. 1990. Lehre. *TRE (Theologische Realenzyklopädie)*, XX:608.

*Doctrina* is só 'n sentrale begrip in die geskrifte van Calvyn, dat die ontleding daarvan van hulp kan wees vir die verstaan van sy reuse bydrae tot die gereformeerde teologie. Dit blyk naamlik nie net uit die lees van Calvyn se eie werke asook uit die sekondêre Calvynliteratuur van die 20ste eeu nie, maar reeds uit die beroemde inleidingsin van sy 1536-*Institusie*, watter besondere waarde die begrip *doctrina* by Calvyn inneem. Daar sê hy naamlik: 'Nagenoeg die som van die heilige "doctrina" bestaan uit hierdie twee dele: Kennis van God en van ons self.'<sup>3</sup>

## Literatuuoroorsig

Daar is talle gevalle waar daar deur die loop van die twintigste eeu, veral in die Duitse en Nederlandse literatuur, verwys is na die betekenis van Calvyn se gebruik van die begrip *doctrina* en die verband daarvan met die begrip 'preek/prediking'. In meer as een studie het hierdie aspek selfs primêr onder die soeklig gekom (byvoorbeeld dié van Hedtke, Van 't Spijker en Opitz).<sup>4</sup> Ofskoon daar by verskillende van hierdie ondersoeke mooi insigte na vore gebring word, was daar nog steeds behoefte aan 'n meer omvattende ondersoek oor die gebruik van hierdie begrip by Calvyn, veral met inagneming van bepaalde, metodologies-belangrike aspekte, soos onder meer die genre van die bepaalde tekste waarin *doctrina* voorkom asook die tydperk van hulle totstandkoming.

## Doctrina in die algemeen

Kyk 'n mens van naderby na Calvyn se gebruik van die begrip *doctrina*, dan moet in gedagte gehou word dat die begrip algemeen en gereeld gebruik was, sowel deur Calvyn as andere. Omdat Calvyn, met sy noukeurige ingesteldheid, dit nooit nodig geag het om die term verder te omskryf of hom nader te kwalifiseer nie, kan dit aanvaar word dat daar vir die destydse leser geen onduidelikheid of dubbelsinnigheid oor *doctrina* se betekenis binne sy ko-tekstuele en intra-tekstuele verband sowel as met inagneming van die breër konteks was nie.

Aan die ander kant is dit opvallend dat *doctrina* 'n wye spektrum van gebruiksmoontlikhede met onderskeidelike betekenisimplikasies het. Hierdie aspek moet teen die agtergrond van Calvyn se uitgesproke oogmerk gesien word, naamlik om *eenvoudig* en *verstaanbaar* te wil skryf. Hoe meer 'n mens naspour hoe Calvyn die *doctrina*-begrip in sy eie geskrifte gebruik het, kom 'n mens onder die indruk dat sy hantering daarvan in werklikheid op 'n natuurlike manier voortvloei uit sy gebruik van Bybelse teksgedeeltes binne hulle samehang.

Die vermoë om vandag in ons tyd die begrip *doctrina* binne sy konteks te begryp, word nie net bemoeilik deur die feit dat sowat 450 jaar ons skei van die spraakgebruik van Calvyn tydens die Reformasie nie, maar ook dat teologiese begrippe, waaronder *doctrina*, aan ingrypende semantiese verskuiwings onderhewig was tydens die tyd van die *Ortodoksie* (*Lutherse en Gereformeerde Skolastiek*), die *Piëtisme* (op hoofsaaklik Duitse gebied), die *Methodisme* (op veral Engelse bodem) en natuurlik die *Aufklärung* (*Verligting*). Ook die Suid-Afrikaanse teologiese en kerklike ontwikkeling was direk deur hierdie strominge en hulle invloed geraak. Dit maak dit vir ons, wat reeds geografies en chronologies ver verwyderd is van ons reformatoriese wortels, buitengewoon moeilik om begrippe, soos wat hulle in geskrifte uit die reformatoriese tyd figureer, te deurgrond.

## Historiese agtergrond en genre

By 'n teologies-sistematiese ondersoek van die werk van 'n skrywer soos Calvyn, moet daar ten opsigte van die seleksie

van tekste veral twee aspekte in die oog gehou word: eerstens die tydperk waarbinne die betrokke tekste tot stand gekom het - met inagneming van die historiese konteks - en tweedens die *genres* van die betrokke tekste (byvoorbeeld preke, kommentare, apologetiese geskrifte of briewe, ensovoorts).

Vir die betrokke ondersoek wat gedoen is, is daar om bepaalde redes tekste gekies uit twee verskillende tydperke: eers uit die pennevrug van die jeugdige Calvyn (vóór 1536) en dan weer uit 'n latere tydperk (1548-1550), toe hy reeds 'n ervare prediker en pastor was en hom so te sê op die kruin van sy teologiese arbeid as erkende teoloog bevind het. Die onderskeid tussen die twee tydperke is aan die een kant daarin geleë dat daar vir Calvyn persoonlik twaalf hoogs spanningsvolle jare tussen beide lê; aan die ander kant het die Reformasie en die historiese gebeure wat daarmee verband hou egter ook 'n ingrypende ontwikkeling ondergaan.

Die eerste groep geskrifte van Calvyn wat vir hierdie studie ondersoek is, stam dus uit die tydperk toe hy nog onbekend was, die tyd vóór sy eerste verblyf in Genève, voordat hy beroemd geword het op grond van sy eerste uitgawe van sy *Institusie*. Dié was 'n topverkoper by 1536 se boekeskuur in Frankfurt am Main.

Calvyn moes byvoorbeeld intussen beleef hoe hy as jong man as 't ware geruk word vanuit 'n ideaal van 'n lewe, toegewy aan die 'rustige' akademiese bestudering van God se Woord, na die hoogs veeleisende roeping van bedienaar van die Woord in 'n vyandige, buitelandse omgewing. Instrument in die hande van die Here hiervoor was die onverskrokke, onwrikbare Farel se bykans gebiedende appèl op Calvyn se Godgegewe roeping om die Woord te verkondig.

Sy ontwikkeling as herder, prediker en teoloog is ingrypend gesmee en gevorm deur sy ervaring in die Franssprekende, vrye stad Genève (1536-1538; 1541 e.v.) maar ook in die klein Franssprekende vlugtelingegemeentetjie van die beroemde Duitse stad Straatsburg (1538-1541). Sy denke as woordvoerder vir die evangelie en as advokaat vir die bybelse beginsels van die nog jonge Protestantse beweging is geslyp op die internasionale verhoë en in die raadsale van die mees belangrike kerklike samesprekings en godsdienstige diskussies van sy tyd. As verteenwoordiger van die gereformeerde geloofsoortuigings en -insigte by die godsdiensgesprekke van Hagenau, Worms (1540) en Regensburg (1541), waar daar op die hoogste vlak met Roomse teoloë diskussie gevoer is, het hy die agting en erkenning geniet van beroemde en leidinggewende Protestantse teoloë.

In die tydperk waaruit die tweede groep geselekteerde tekste stam, 1548 tot 1550, is Calvyn nie net reeds 'n ervare herder en leraar nie maar ook al 'n deurwinterde teoloog. Juis die objek van die ondersoek, sy gebruik van die begrip *doctrina*, maak Calvyn se kommentare op die Pastorale Briewe 'n voor die hand liggende keuse vir die analise. In hulle Latynse vertalings bevat hierdie drie geskrifte immers 15 van die 21 gevalle waar *doctrina* in die Nuwe Testament voorkom.

3 Calvin, J. 1926[1536]. *Christianae Religionis Institutio*. In *Joannis Calvini Opera Selecta*, Vol I. *Edidit Barth, P. Monachi in Aedibus* : Chr. Kaiser, p. 37: 'Summa fere sacrae doctrinae duabus his partibus constat: Cognitione Dei ac nostri.'

4 Hedtke, R. 1969. *Erziehung durch die Kirche bei Calvin: Der Unterweisungs- und Erziehungsauftrag der Kirche und seine anthropologischen und theologischen Grundlagen*. Heidelberg : Quelle & Meyer, p. 40-51.  
Opitz, P. 1994. *Calvins theologische Hermeneutik*. Neukirchen : Neukirchener Verlag, p. 104-108.  
Van 't Spijker, W. 1978. *Doctrina* naar reformatoriese opvatting, II: *Doctrina* bij Calvijn. *Theologia Reformata*, 21:7-25.



Die twee teksgroepe verskil egter nie net ten opsigte van die tydperke waarin hulle geskrywe is nie maar ook wat hulle genres betref. Só sluit die eerste teksgroep onder meer voorredes (by ander publikasies) en die *Institusie* in, terwyl die tweede teksgroep die genre van *kommentare* bevat.<sup>5</sup>

## Enkele belangrike resultate

Nadat die gebruik van die begrip *doctrina* in die twee onderskeie teksgroepe (sien hierbo) ondersoek is, is daar uiteraard 'n ryk geskakeerde spektrum van resultate wat op verskillende vlakke funksioneer en in hierdie opsig ook bepaalde wysigings van die algemene Calvinbeeld meebring.

Die ondersoek het byvoorbeeld aan die lig gebring dat by verre die meerderheid van Calvininterpretasies sowel as baie Calvinvertalings glad nie rekening hou met sy genuanseerde gebruik van die begrip *doctrina* nie; gevolglik word daar nie net dikwels tot verkeerde oordele rakende sy teologie gekom nie maar gaan die impak van belangrike uitsprake deur hom verlore, sowel in vertalings van sy werke as in analyses daarvan.

Eerstens word 'n mens verras deur die wye spektrum van veelvoudige skakeringe in Calvin se gebruik van die begrip (byvoorbeeld as aanduiding vir *onderrig*, *preek*, *samevatting/skopus van die Skrif*, *geloofsinhoud*, *uitleg*, *heilsverkondiging*, [*pastorale*] *sielsorg*, *belydenis*, *leerstelling*, *dogma*, *leer*). Met hierdie gedifferensieerde gebruik word duidelikheid, deursigtigheid of ondubbelsinnigheid glad nie ingeboet nie. Die belangrike plek wat die begrip *doctrina* in reformatoriese geskrifte en spesifiek in geskrifte van Calvin inneem, kan aan die hand van die primaat van die Woord in daardie geskrifte verklaar word. Die groot greep van die Reformasie was juis dat nie meer die (sewe Roomse) sakramente (as middele waardeur die lidmate direk die 'reddende genade' sou ontvang) nie, maar die Woord sentraal staan. (Let byvoorbeeld op die vervanging van die altaar deur die preekstoel in die gereformeerde kerke.) Die Reformatore het ingesien dat God 'n *sprekende God* (*Deus loquens*) is en die kerk dus 'n kerk van die Woord is, waar God se Woord sentraal staan.

Soms gebruik Calvin *doctrina* meer in tetiese, kategetiese sin en soms meer in apologetiese of selfs polemiese sin. Opvallend is die wyse hoe hy by die bybelse woordgebruik aansluit; ook wat *doctrina* betref is daar aansluiting by *tôrâh* in die Ou Testament en onderskeidelik *didachê* en *didaskalia* in die Nuwe Testament.

'n Verdere besondere kenmerk van Calvin se *doctrina*-gebruik is die direkte verband tussen die *doctrina* en die Heilige Skrif. Terwyl hy wel tussen *doctrina* en die Heilige Skrif onderskei, stel hy konsekwent juis die gesag en die oorsprong van die Skrif-gebonde *doctrina* op die voorgrond. Van 'n skeiding tussen die Woord en die *doctrina* kan daar dus nie sprake wees nie. Enige antipatie teen die sogenaamde 'droë leer' berus op 'n valse teenstelling tussen Woord en *doctrina*, 'n teenstelling wat vreemd is aan die Reformasie.

## Implikasies vir die Woordverkondiging

Om trou te wees en te bly aan die reformatoriese beginsel, dat die Woord sentraal staan, en teen die agtergrond van Calvin se *Woord-van-God-teologie*, behoort die volgende vrae egter nou aan die orde te kom: Wat is die betekenis van só 'n ondersoek oor die gebruik van *doctrina*? Op watter wyse raak dit die kerk van Christus? Watter konsekwensie het dit vir die Woordbediening?

As antwoord op hierdie vrae word hier ter illustrasie slegs op implikasies van twee van die resultate:

- 1 Calvin se begrip van die besondere dienste of ampte kongreuer met die onskeibare, direkte verband waarin *doctrina* staan tot *Skrifuitleg* en *Evangelieverkondiging*, *vermaning* en *barmhartigheidsdiens*. Daarby is die opbou van die gemeente deur die Woord en die pastorale versorging van die lidmate ten diepste verbonde aan dienswerk deur die besondere dienste en onderlinge meeleving van die lidmate. Waar die *doctrina* egter nie tot sy reg kom nie, ly die ampswerk van die besondere dienste of ampte noodwendig daaronder. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die 'onmondigheid' (om 'n Roomse en Aufklärungsterm te gebruik) van die lidmate en selfs van sommige ouderlinge of diakens, in soverre alles maar gerieflikheidshalwe aan die 'dominee' oorgelaat word. Van selfstandige ampswerk in gereformeerde sin bly daar maar min oor. Dan is die noodwendige eindresultaat 'n gedeformeerde 'domineekrasie' met die regeeramp wat terugtree; ouderlinge wat nie meer alles, ook nie die dominee se doen en late, aan die Woord toets nie. Waar die stryd vir die Waarheid en teen die *valse leer* in die Skrif 'n direkte opdrag aan alle lidmate, en in die besonder aan die ouderlinge (en natuurlik dienaars van die Woord) is - en waar hierdie stryd vir die Waarheid as sodanig by Calvin en in die Reformasie nog prominent sigbaar is - beroep te veel lidmate sowel as ouderlinge en diakens hulle in 2001 nog op uitsprake van dominees of teoloë, in plaas daarvan om ook hulle uitsprake (dié van dominees en teoloë) aan die Woord te meet.
- 2 By Calvin soek 'n mens tevergeefs na 'n doktrinêre *doctrina*-begrip. Eksegese en dogmatiek is nie by hom geskei nie; die dogmatiese en pastorale aspekte soos wat dit na vore tree in die Woord van God is by Calvin nog 'n eenheid. Die vraag kan dus tereg gestel word of hierdie reformatoriese uitgangspunt in ons prediking tot sy reg kom - 'n gereformeerde beginsel wat ook in die opleiding van herders en leraars sy regmatige erkenning behoort te vind. Om maar een praktiese toepassing te noem: Hierdie insig, dat die 'leer' nooit losgemaak kan word van die verkondiging en van die evangelie en van die eksegese nie, bied nie net nuwe perspektief op die eis na 'n tweede (of meer) erediens(-te) nie, maar fundeer skriftuurlik op 'n organiese (gereformeerde) wyse die 'leerprediking' (of liewers, 'onderrigprediking') tydens die tweede diens op Sondag (sien kerkorde, artikel 68). Die beweerde teenstelling tussen vrye-stofprediking en Kategismusprediking blyk dan 'n valse teenstelling te wees; en die argumente, as sou daar nie Skrifgronde vir twee (of meer) erediens op 'n Sondag wees nie, blyk biblietiese antwoorde te wees op die verkeerde vraagstelling.

## Slot

Die ondersoek oor Calvin se gebruik van die *doctrina*-begrip korrigeer die valse beeld van 'n doktrinêre of intellektualistiese teologie by Calvin. Daarmee saam korrigeer dit die negatiewe persepsies oor 'leer', wat waarskynlik wyer implikasies het vir ons beoordeling van die Reformasie en in die besonder vir ons gereformeerde godsdiens. Calvin gebruik *doctrina* op 'n dinamiese wyse, wat net weer eens die gereformeerde en uitstaande waarheid beklemtoon: Vir hom gaan dit in sy *doctrina* altyd oor God - of dit nou op die preekstoel is, en of dit in die kategesis is, en of dit in huisbesoek of pastorale sorg is - dit gaan altyd oor God, God wat spreek, *Deus loquens*. En daarom staan die Woord van God, *Verbum Dei*, sentraal. Want God het immers sy Woord gestuur. En die Woord het vlees geword ...

5 Vgl. D'Assonville, VE. 2001. *Der Begriff 'doctrina' bei Johannes Calvin - eine theologische Analyse*. Münster : LIT Verlag, p. 29,30.

# Onderwys volgens die gereformeerde kerkorde

Dr JG Meijer, Pretoria

**Gereformeerde ouers is verantwoordelik vir die totale opvoeding van hulle kinders. Hierdie verantwoordelikheid aanvaar hulle by elke kinderdoop. Hulle belowe voor God en sy gemeente om hulle kinders in die leer van die Skrif, wat die kerk bely, te onderrig en te laat onderrig. 'Laat onderrig' sluit die onderrig in kerk en skool in.' Sluit die verantwoordelikheid van die ouers vir die onderwys enige kerklike seggenskap oor die onderwys uit? Indien nie, hoever strek dié seggenskap?**

Ons kinders – nageslag van gereformeerde ouers - ontvang onderwys in 'n verskeidenheid van skole. Hieroor gaan dit in die eerste hoofdeel van hierdie artikel. Vervolgens kry die beperkte agenda van alle kerklike vergaderings (kerkrade, klassisse en sinodes) ons aandag. In aansluiting hierby besin ons in die derde hoofdeel oor die kerklike roeping ten opsigte van die onderwys. In die laaste deel kom die vraag ter sprake wat die kerke in die bestaande toestand kan onderneem om hulle roeping in onderwysaangeleenthede op te volg..

## Gereformeerde kinders in verskeie skole – hoekom?

Dit gaan hier nie oor die onderwys van toekomstige predikante nie. Opleiding vir die bediening van die Woord is volgens die kerkorde 'n kerklike saak. Die dosente is predikante met 'n besondere leeropdrag.<sup>2</sup> Ons studente in die teologie behoort *deur* die kerke en *vir* die kerke opgelei te word.<sup>3</sup> Dit gaan hier ook nie oor onderwys vir blinde, dowe, serebraal en andersins gestremde kinders nie.

Dit gaan hier wel oor onderwys wat die massa van ons kinders ontvang. Hulle besoek verskeie soorte skole. Hoekom is dit? Die ouers word gedryf deur verskeie norme. Die verskillende norme, rigsgoere of maatstawwe wat ouers aanlê, is bepalend vir die verskeie soorte skole waarheen hulle hul kinders stuur. Hier volg 'n kort oorsig van die soorte skole waar gereformeerde kinders onderwys ontvang en die onderliggende norme, van die mins tot die mees voorkomende in ons kring.

### Huisskole

In die huisskool laat vader en moeder hulle kinders nie onderrig nie. Hulle neem die onderwys self ter hand. Verskillende norme kan hulle tot die besluit van huisonderrig bring. 'n Skool met die Bybel bestaan nie in die bereikbare omgewing nie. Om die doopbelofte na te kom, besluit die ouers om self die kinders te onderrig. Behalwe deur hierdie godsdienstige norm kan ouers deur 'n ekonomiese rigsgoer tot huisonderrig gedryf word. Dit is goedkoper as skoolonderrig. Dersens is daar ouers wat 'n 'anti-skool'-norm hanteer. In 'n klas van dertig leerlinge moet meer tyd aan 'n les bestee word as in 'n huisskool van enkele kinders, veral begaafde kinders.

Die godsdienstige, ekonomiese en 'anti-skool'-rigsgoere kan ook in verskillende kombinasies aangelê word. Vrae wat hierdie ouers sorgvuldig moet oorweeg, is: Vestig ons 'n huisskool om ons doopbelofte na ons vermoë na te kom? Is ons ekonomiese rigsgoer op God se koninkryk gerig? En: Kom ons huisonderrig ooreen met ons lewe in die gemeenskap van die heiliges? Wend ons ons gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede (van Christus se liggaam) aan? En leer ons ons kinders om reeds in hulle kinderjare hul roeping in die gemeenskap van God se volk te verstaan en op te volg?<sup>4</sup>

### Gereformeerde skole

Gereformeerde ouers stig 'n skoolvereniging met die doel om hulle kinders onderrig ooreenkomstig die doopbelofte te laat

ontvang. Hulle wys 'n skoolbestuur aan, stig 'n skool en hou die skool in stand. Die ouers bepaal onder leiding van die bestuur die gereformeerde karakter van die skool, die gereformeerde inhoud van die onderwys en wie die onderrig sal aanbied.

Gereformeerde onderwys is in ons land nog maar in sy beginstadium. Daar bestaan slegs enkele gereformeerde skole wat vir mekaar hande en voete wil wees in die landwye vereniging ARSO (Aksie vir Reformatoriese Skoolonderrig).

Op plekke waar gereformeerdes te gering in getal is, kan saam met gelowiges van ander kerkgroepe 'n algemeen christelike skool gevestig word. Ons moet wel waak dat die christelike karakter en inhoud van die onderwys nie skade ly nie, dat ons ontvanklike kinders nie aan allerlei winde van onderrig blootgestel word nie.

Vrae wat hierdie ouers voortdurend in geloof moet bly stel, lui: Doen ons alles in ons vermoë om die skool al hoe meer tot 'n werklike skool met die Bybel te laat uitgroei? En: Vergeet ons nie die eerste deel van ons doopbelofte om ons kinders wat ons in die vrees van die Here laat onderrig, ook self daarin te onderrig nie?

### Christelike volkseie skole

Heelwat gereformeerde kinders word na christelike volkseie skole gestuur. Hierdie onderwys gaan net soos die huisonderrig, gereformeerde en algemeen christelike onderwys van ouers uit. Die karakter en inhoud van hierdie onderwys is algemeen christelik. Tot hierdie skole word net kinders van die Boere-Afrikanervolk en hulle wat daarby kan inpas, toegelaat. Alle 'anderskleurige' kinders word uitgesluit.

Vrae wat hierdie ouers in geloof moet bly stel, is: Waarborg die 'interkerklike' aanpak en selfs toelating van sektariese Afrikaners (byvoorbeeld aanhangers van die Brits-Israel-beweging) die handhawing van die christelike karakter en inhoud van die onderwys genoegsaam? En: Is die uitsluitingsnorm skriftuurlik? Mag ons die etniese volk – 'n maagsel van God – in enige opsig verhef bo die verbondsvolk wat die Here Christus in sy kerk vergader? Anders gesê: Mag ons enige gereformeerde kind wat buite ons kring geen christelike onderwys kan ontvang nie, uitsluit?

### Staatskole

Al omtrent 'n eeu lank gaan kinders in Suid-Afrika staatskool toe. Die massa gereformeerdes hou vas aan hierdie tradisie. Staatskole is buurtskole, toeganklik vir alle kinders van gelowige en ongelowige ouers in die nabye omgewing. Die vraag in hoeverre die staatskool aan die belofte van die ouers by die

1 Sien die artikel 'Onderrig volgens doopbelofte' in *Waarheid en dwaling* 7(9), September 2001:4-7.

2 Kerkorde, art. 2.

3 Kerkorde, art. 18. Sien ook die artikels in *Waarheid en dwaling* 7(10), Oktober 2001.

4 HK, antw. 55.

doop kan voldoen en of gereformeerdes die onderwys aan die owerheid mag toevertrou, kom DV in die volgende en laaste artikel van hierdie reeks aan die orde.

Om die algemeen christelike karakter en inhoud van die onderwys soveel moontlik te kan behou, stel die kerke deputate aan op nasionale en provinsiale vlakke. Deputate vir Christelik Nasionale Onderwys (CNO) staan sedert die loop van die negentigerjare in die vorige eeu bekend as Deputate vir Christelike Onderwys (CO). Daar bestaan 'n afsonderlike deputaatskap vir die PU vir CHO. En ook nog 'n interkerklike deputaatskap, die Interkerklike Komitee (of Kommissie?) vir Opvoeding en Onderrig (IKOO).

Ons stel 'n indringende vraag: Het hierdie sinodale en interkerklike deputaatskappe vir onderwys in die lig van ons kerkorde enige reg van bestaan? En verder: Dra gereformeerde kerkrade enige verantwoordelikheid met die oog op alle vrae wat hierbo gestel is? Indien wel, wat moet ons voorgangers onderneem in die lig van die doopbelofte, die gelofte wat ouers aan God en sy gemeente gedoen het? Om hierdie vrae te kan beantwoord kyk ons eerstens na die beperkte agenda van alle kerklike vergaderings.

## Kerklike vergaderings het 'n beperkte agenda

Die tweede deel van die gereformeerde kerkorde handel oor die kerklike vergaderings: die kerkraad, klassis, die partikuliere, nasionale en algemene sinode.<sup>5</sup> Die eerste artikel oor hierdie vergaderings gaan oor hulle agenda. Die kerke kom ooreen om die agenda van hulle vergaderings tot 'alleen kerklike sake' te beperk.<sup>6</sup>

Alleen kerklike sake ... Beteken dit dat kerklike opsieners geen sê oor die daaglikse lewe het nie? Stel die kerklike vergaderings hulle met hulle beperkte agenda buite die polsende lewe van die lidmate in die koninkryk van God? Dra kerkrade geen enkele verantwoordelikheid in onderwys-sake nie? Beslis nie. Die beperkte agenda dring ons kerklike vergaderings wel om *kerklik* in die lewe in die koninkryk van God op te tree. Wat hou dit in?

Alleen kerklike sake ... Hierdie ooreenkoms in die kerkorde is op die Skrif gegrond. Die Here se Woord vat al die werk wat die voorgangers (dominees en ouderlinge) in die gemeente behoort te verrig, in twee werkwoorde saam: *toerus* en *toesien* of *oppas*.

Die eerste taak van die opsieners is 'om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk'.<sup>7</sup> Die dienswerk van die heiliges omvat die hele lewe. Dit is die lewe uit die Woord van God in die huwelik, die gesin, die kerk, die skool en in alle ander lewensverbande, asook in elke beroep, in- en ontspanning. Die Here vernuwe die lewe van sy volk, die lewe van al sy uitverkore kinders. Hy maak almal aktief in sy koninkryk.

Gehoorsame ampsdraers wat die heiliges *toerus*, volstaan met hierdie opdrag. Hulle rus die heiliges toe. Hulle neem nie die werk van die heiliges oor nie.

Wie die werk van die heiliges *oorneem*, doen dit moontlik met goeie bedoelings, maar sondig. Sulke ampsdraers doen dinge wat die Here aan al die lidmate van die kerk opdra. Hulle rus die gemeente nie toe nie, maar vat die werk uit die hande van die lidmate. Hulle maak die volk van God lui. Bowendien brei daardie opsieners hulle eie ampsoopdrag eiewillig uit. Hulle raak doenig met werksaamhede wat nie tot hulle roeping behoort nie en maak sodoende hulleself onbekwaam om hulle eintlike werk wat voltydse inspanning vereis, sorgvuldig te verrig, naamlik *toerus* van en *toesien* oor die gemeente.

Ja, in aansluiting by die toerusting van die heiliges ontvang die regerende ampsdraers die opdrag om *toe te sien* dat die lidmate hulle amp van gelowige werklik uitlewe. Bybelse instruksies soos 'Pas my skape op'<sup>8</sup> en 'Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is',<sup>9</sup> dui op die toesighoudende taak van kerkrade.

Alleen kerklike sake ... Kom ons as gereformeerde kerke ons skriftuurlike ooreenkoms oor die beperkte kerklike agenda sorgvuldig na? Wat behoort kerklike vergaderings met die oog op die skoolonderwys te onderneem en wat doen hulle werklik? Ons besin nou oor ons kerklike roeping en stel vrae tot selfbeproeving. Behartig ons voorgangers en ons kerklike vergaderings die skoolonderwys in ons midde volgens die gereformeerde kerkrade?

## Die kerklike roeping in die onderwys

Onderwys volgens die kerkrade ... Gereformeerde kerkrade het 'n sesvoudige opdrag. Die laaste een kan ook deur meerdere vergaderings behartig word. Die sesvoudige opdrag lui kortliks:

1. Eerbiedig die amp van die ouers.
2. Bind hulle voortdurend aan die doopbelofte.
3. Rus hulle uit die Woord toe om hulle roeping in die koninkryk van God uit te voer.
4. Sien toe dat die ouers hulle doopbelofte nakom.
5. Skakel die hele gemeente by die skoolonderwys van die kinders in en ten slotte:
6. Getuig as kerk van Christus in voorkomende onderwysgevalle voor die owerheid.

## Eerbiediging van oueramp

Kerklike ampsdraers en vergaderings, hou in u besinning oor onderwys die roeping van die ouers en die grens van u eie amp sorgvuldig voor oë. Hier geld die gebod van die Skrif: 'Laat elkeen bly in die roeping waarin hy geroep is.'<sup>10</sup> Opsieners en meerdere vergaderings mag nie enige verantwoordelikheid van die ouers vir die opvoeding en onderrig wegneem nie.<sup>11</sup>

Voorgangers en kerklike vergaderings wat skoolsake en moontlik ook ander nie-kerklike sake behandel, gaan teen artikel 30 van die kerkrade in. Hulle laat die aktivering van die amp van die gelowiges na. Die gevolg? Dominees- en ouderlinge- en deputate-kerke: Die besondere ampsdraers en deputate doen wat die kerkvolk behoort te doen. Hulle skakel die gemeente uit. Lidmate kry die gevoel dat hulle slegs leke is. Hulle verstaan naderhand nie meer hulle taak in die amp van gelowige nie en besef nie meer dat hulle self die kinders in die leer van die Skrif en van die kerk moet onderrig en laat onderrig nie. Die doopbelofte word nie deur dade opgevolg nie.

Stigting en instandhouding van skole is aktiwiteit wat nie tot die verantwoordelikheid van kerkrade en ander kerklike vergaderings behoort nie. Gereformeerde kerke wys tereg kerkskole af. Hulle wys ook enige kerklike inmenging in die take van die ouers af. Ons eerbiedig die amp waarmee onse God die ouers beklee het. Dit is ons eerste opdrag as kerkraad en in die kerkverband.

Laat ons onself beproef. Ongeag ons bedoelings - kan ons die bestaan van al die deputaatskappe vir onderwys, wat hierbo

5 KO, art. 29.

6 KO, art. 30.

7 Ef 4:12.

8 Joh 21:16.

9 1 Pet 5:2.

10 1 Kor 7:20.

11 Sien oor die verantwoordelikheid van die ouers die artikel in voetnota 1.



onder die opskrif 'Staatskole' vermeld is, op enige wyse skriftuurlik en kerkordelik verantwoord? Tree kerklike vergaderings wat skoolsake hanteer, nie in die oueramp in nie?

### **Binding aan doopbelofte**

Gereformeerde dominees en ouderlinge gaan in hulle besinning oor onderwys uit van die belofte wat die ouers by die doop van hulle kinders afgelê het. Ouers het belowe om hulle kinders in die leer van die Skrif en van die kerk te onderrig en te laat onderrig.

Die ampsdraers aanvaar voorts die besluite van meerdere vergaderings ooreenkomstig artikel 31 van die kerkorde. In aansluiting by die bekende Sinode van Dordrecht se normatiewe besluite oor huis-, kerk- en skoolkatkisasie behoort ouers soveel moontlik na eenheid in die onderrig te strew. Disharmonie tussen die onderrig tuis, in die kerk en op skool is 'n euwel wat – indien enigsins moontlik – afgeweer moet word.

Die opsieners betrek ten slotte artikel 21 van die kerkorde by hulle besinning oor onderwys. In dié artikel kom die kerke ooreen dat die kerkrade sal toesien 'dat die ouers die skool-onderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied'.

Artikel 21 van die kerkorde het nie dieselfde bewoording as die derde vraag in die doopformulier nie. Dit spreek vanself dat die inhoud van altwee harmonieer. Die vraag in die doopformulier beklemtoon die grondslag van die christelike opvoeding, die skriftuurlike leer. Die kerkorde lê die nadruk op *uitlewing* van hierdie leer in die daaglikse praktyk van die skool: skoolonderrig in die vrees van die Here.

Die vrees van die Here neem in die praktykgerigte Spreukeboek 'n sentrale plek in. 'Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis.'<sup>12</sup> Vrees van die Here is respek, eerbied vir Hom en liefde vir wat Hy beveel. Dit laat die hart sing: 'U wet is my verlustiging'.<sup>13</sup>

Kortom: Die doopbelofte, die besluite van die Dordtse Sinode (1618-1619) en artikel 21 van die kerkorde vorm die uitgangspunt van waaruit gereformeerde kerkrade oor skoolonderrig besin. Dit is hulle grondslag. Op hierdie grondslag meng kerkrade hulle nie in onderwysaangeleenthede nie, maar beperk hulle hul tot toerusting van en toesig oor die ouers.

Kerkrade wat hulleself beproef, stel die volgende vrae: Bind ons die broeders en susters aan die doopbelofte? Onderhou ons artikel 21 van die kerkorde? Wanneer laas het ons ondersoek ingestel of en in hoeverre die ouers in die gemeente die skoolonderwys in die vrees van die Here laat geskied?

### **Toerusting van ouers**

Ouers in die gemeente en hulle nageslag is kinders van die Here, Koningskinders. Ons kinders moet vir die besondere take wat hulle hoë posisie meebring, opgelei en gevorm word. Dit behoort in die huis sowel as in die kerk en op skool te gebeur.

Die Here gee die predikante en ouderlinge aan sy kerk om die ouers en kinders vir hulle dienswerk toe te rus.<sup>14</sup> Hy skenk vir die opsieners twee toerusting-middele: prediking en huisbesoek. Dit behaag Hom om deur dié twee middele sy volk vir sy liefdediens bekwaam te maak.

Die prediking verkondig die heil in Christus en die norme wat onse God vir die hele lewe stel, ook sy norme vir die lewe in die gesin en die skool. Hy eis dat die ouers die beste moontlikhede vir skoolonderwys in die vrees van die Here verwerklik. Die beste kom sy seuns en dogters toe, ons kinders wat Hy in genade as sy kinders aangeneem het.

Op die prediking volg die huisbesoek. Ouderlinge, 'bekwaam om te onderrig',<sup>15</sup> stimuleer die ouers om te strew na die grootste moontlike eenheid van onderrig in die gesin, die kerk en die skool.

'n Kerkraad van 'n gemeente wat nog nie intensief oor die skoolonderwys besin het nie, behoort stappe te neem om onderwys in ooreenstemming met die doopbelofte aan die gang te kry.

Om mee te begin soek die regeerders van die kerk in hulle kerkradsvergadering skriftuurlike antwoorde op vrae soos: Word die onderwysgeleenthede wat God in ons omstandighede gee, werklik en optimaal benut? Hoe lyk die binding aan die Skrif en die belydenis in die bestaande skole wat ons kinders besoek? Voldoen dié skole aan die eise wat die Here aan die opvoeders stel? Indien nie, kan die bestaande skoolsituasie genoegsaam opgeknep word of behoort die ouers 'n ander skool te soek ten einde die beste onderwys vir hulle kinders, verbondskinders, te verkry?

Die insig wat die kerkrade verwerf, bespreek hy vervolgens met die ouers. In aansluiting daarby word die roeping insake onderwys in prediking en tydens huisbesoeke nog nader verduidelik en ingeskerp. Ampsdraers wat getrou toerus, mag die Here met vrymoedigheid aanroep om vrug op hulle saaiwerk te gee.

Tot selfbeproeving: Waarom soek talle gereformeerde ouers nie die beste skoolonderrig vir hulle kinders nie? Waarom raak die doopbelofte massaal in diskrediet? Kerkrade, steek u hand in eie boesem. Word gereformeerde ouers voldoende in prediking en huisbesoeke toegerus? Tot heil van ons jong geslag?

### **Toesig oor ouers**

In aansluiting by die toerusting van die ouers het kerkrade die roeping om toe te sien dat die ouers hulle doopbelofte nakom. Kry die kinders die beste skoolonderwys wat hulle in die diens van die Here kan ontvang? Indien nie, word nalatiges liefdevol vermaan om hulle doopbelofte na vermoë na te kom.

Kerkrade sien ook toe dat ouers nie hulle roeping versaak om die kinders self in die leer van die Skrif te onderrig nie.

Toesighoudende ampsdraers tree nie bemoeisiek op nie, maar as wagers in die diens aan hulle Sender. Hulle waak vir die siele van ouers en kinders 'as diegene wat rekenskap' aan die Here 'moet gee'.<sup>16</sup>

Broeders ampsdraers, vervul ons dié wagdiens?

### **Inskakeling van hele gemeente by skoolonderwys**

God gee sy wet aan die hele gemeente. Elke gebod raak elkeen. In die vierde gebod maak die Here onder meer sy wil bekend 'dat die Woordbediening en die skole in stand gehou moet word'.<sup>17</sup>

Alle lidmate van die kerk wat inkomste geniet, dra saam die verantwoordelikheid vir die instandhouding van die erediens en die skole. Ons gewes - ook finansies wat ons uit God se hand ontvang - mag ons tot nut en saligheid van die hele gemeente (ook vir onderwys aan die jeug) gewillig en met vreugde aanwend.

Word die hele gemeente deur die kerkrade toegerus om vir die instandhouding van die onderwys by te dra? En skakel gevolglik

12 Spr 1:7.

13 Ps 119:174.

14 Ef 4:11-12.

15 1 Tim 3:2.

16 Heb 13:17.

17 HK, antw. 103.

al die betrokke lidmate by skoolonderwys in?

### **Getuienis voor die owerheid**

Onderwys volgens die gereformeerde kerkorde ... In die kerkorde aanvaar die kerklike vergaderings (kerkrade, klassisse en sinodes) ten slotte die plig 'om ... in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig'.<sup>18</sup>

Waaroor gaan so 'n getuienis? Eerstens oor wetgewing wat teen die Woord van God stry. Kerklike vergaderings moet dié strydigheid duidelik bewys, hierdie bewys aan die owerheid voorlê en getuig dat hulle aan God meer gehoorsaam moet wees as aan die mense.<sup>19</sup>

Getuienis behoort ook gelewer te word voor die owerheid wat die grense van sy bevoegdheid oorskry. Hoever ons owerheid in onderwysbeleid, -wette en -voorskrifte buite die perke van sy Godgegewe gesag tree, kom DV in die laaste artikel van hierdie reeks ter sprake. Kerklike vergaderings behoort ooreenkomstig die Skrif te getuig dat so 'n owerheid binne die grense van sy bevoegdheid behoort te bly. Tot eer van God en tot behoud van ons burgerlike vryheid, sodat ons in die kerk en in God se koninkryk 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid',<sup>20</sup> ook in ons onderrig en laat onderrig van die kinders in God se verbondskring.

So 'n getuienis kan van kerkrade uitgaan, van meerdere vergaderings en van deputate vir korrespondensie met die owerheid. Ons moet onself beproef: Is ons met al ons deputaatskappe vir onderwys (kerklik en interkerklik) nog in lyn met die gereformeerde kerkorde? Of tree ons – net soos die owerheid buite die grense van sy wêreldlike gesag – buite die grense van die kerklike bevoegdheid wat die Here ons verleen het?

### **Onderwys op die agenda van die kerkraad**

Onderwys volgens die gereformeerde kerkorde is 'n saak wat in die lig van die bostaande ten eerste en hoofsaaklik die kerkraad aangaan. Ons moet dus ons bestaande kerklike manier van aanpak volgens die kerkorde honderd en tagtig grade omkeer.

Ons het tot dusver ons krag nie in die plaaslike kerke nie, maar

in sinodale deputaatskappe gesoek. Al die beste bedoelings van sinodes en al die werksaamhede van deputate het egter nie tot landwyse bediening van die amp van gelowige in die onderwys bygedra nie.

Waarom nie? Laat ons onthou: Die Here werk nie in sy kerk 'van bo na onder' nie. Sy lewe vernuwende werk geskied in die gemeente, deur bediening van sy Woord in die prediking en binding aan sy Woord tydens huisbesoek. Kerkrade, nie sinodes en deputate nie, moet die onderwys-roeping by die gemeente tuisbring. So maak die Here sy volk aktief in die amp van gelowige.

Moet ons die sinodale deputaatskappe onmiddellik afskaf? Nee, dan skep ons 'n vakuum. Onderwys volgens die gereformeerde kerkorde moet wel so spoedig moontlik op die agenda van elke kerkraad verskyn. As die ampsdraers die volk van God in elke plaaslike kerk toerus vir hulle dienswerk (ook in die skool) en toesien dat die gelowiges in hulle amp van gelowige die Here dien, dan bewerk die Heilige Gees aksie 'van onder af'. Sodra die amp van gelowige in onderwys-sake voluit bedien word, sal die gelowiges kerklik eis: 'Skaaf alle deputaatskappe wat ons werk uit ons hande neem, af. Kerke, hou u by u kosbare Dordtse kerkorde, ook in die onderwys'.

Wie sal die vrugte van dié onderwys-inspanning in die plaaslike kerke geniet? Ons kinders, die Here se kinders, wat in die gesin, in die kerk en in die skool steeds meer en intenser 'vir elke goeie werk volkome toegerus' word.<sup>21</sup>

18 KO, art. 28.

19 Hand 5:29; vgl. 4:19-20.

20 1 Tim 2:2.

21 2 Tim 3:17.

#### **Van die Administrasie**

Die styging van papierpryse en verhoogde postariewe noodsaak ons om die intekengeld vir die jaar 2002 tot R100.00 te verhoog.

Ons versoek die lesers om hierdie bedrag en ook agterstallige intekengeld so spoedig moontlik te vereffen.

Posadres:

Waarheid en Dwaling \* Posbus 31712 \* Totiusdal 0134

## **REGSMEDIËSE ETIEK**

# **EUTANASIE**

Dr AH van den Bout, Pretoria

**Op 21/07/2001 is daar by die Universiteit van Pretoria 'n simposium georganiseer deur die Stigting van Etiese Medisyne onder leiding van dr Michiel Durand, wat gehandel het oor eutanase. Die leiding van die vergadering was in die hande van mnr Gustav Opperman. Die problematiek rondom die eutanase is behandel vanuit 'n mediese oogpunt, asook vanuit 'n regsopgrip en ook in die lig van die Skrif.**

Palliatiewe sorg as alternatief vir eutanase het ter sprake gekom, asook pynhantering. Die simposium was sinvol en suksesvol in die sin dat verskeie aspekte van eutanase bespreek is, waardeur die sienswyse oor aktiewe eutanase en die standpuntbepaling as gelowiges wat die hele Bybel as God se Woord wil aanvaar, moontlik was.

### **Die mediese perspektief**

By eutanase wat die Griekse benaming is vir goeie of sagte dood, moet daar onderskei word tussen passiewe eutanase en aktiewe eutanase. Onder passiewe eutanase word verstaan dat die dood sy loop gelaat word en dat daar as 't ware onttrek

word aan behandeling wat hierdie proses kan onderbreek. Onder aktiewe eutanase word verstaan dat daar 'n aktiewe ingreep is van mense wat die doodproses kan versnel en aktiewe beëindiging van die lewe veroorsaak.

Daar moet onderskei word tussen vrywillige en nie-vrywillige eutanase. By vrywillige eutanase is dit vanselfsprekend dat daar gekyk moet word na die wilsbevoegdheid of die nie-wilsbevoegdheid van die pasiënt. In party kringe word die begrip 'aktiewe eutanase' gewysig na dokter geassisteerde selfmoord. By aktiewe eutanase kom vanself die begrip 'moord' ter sprake en sal daar gekyk moet word na die wederregtelikheid van die doodmaak, waarby die intensie van die doodmaak ter sprake kom.

Dr Gerhard Grobler, psigiater en lid van een van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika, het die mediese perspektief onder oë gebring. By die dood van 'n persoon is daar aanvanklik gepraat van die stop van die funksionering van die kardio-pulmanare funksies, maar later het daarby gekom dat die persoon breinstamdood moet wees. In Engeland staan 86% van die psigiaters positief ten opsigte van geneesheer-geassisteerde selfmoord, terwyl dit in Nederland omtrent dieselfde persentasie is. In Oregon in die Verenigde State is 6% van die psigiaters daarvan oortuig dat een konsultasie met die pasiënt selfs voldoende is. In Kanada word aktiewe eutanase gedefinieer as 'n aksie waarby 'n mediese dokter 'n oordosis medikasie gee om die pasiënt se lewe te beëindig.

In navorsing onder pasiënte wat 'n gemengde groep was van mans en vrouens, het dit geblyk dat slegs 21% van die pasiënte gekant was teen aktiewe eutanase; 50% van hierdie pasiënte was dit om godsdienstige redes, 38% vanweë sekondêre morele waardes, 31% was dit vir die gevaar van misbruik en 30% vir die rol wat die geneesheer daarby gespeel het. Van die wat aktiewe eutanase oorweeg het, het 63% psigiatrisie siektes gehad; 22% van die pasiënt met psigiatrisie siektes het gesê dat hulle dit moontlik in die toekoms sal oorweeg, terwyl 16% met psigiatrisie siektes geantwoord het dat hulle dit nog nooit oorweeg het nie. Dit is duidelik in die praktyk dat dit nie altyd so maklik is om presies die finale stadium van 'n siekteproses te bepaal en ook te weet wanneer die proses van afsterwe begin het nie. Dikwels is daar sprake van depressie, swakte asook sedasie as gevolg van medikasie.

Daar moet dus onderskeid gemaak word tussen selfmoord, waarby die persoon homself doodmaak en aktiewe eutanase, waarby die dokter die aktiewe handeling verrig. By beide handel dit egter oor besluite rondom die dood. In navorsing is gevind dat by selfmoord die vatbaarheid vir die selfmoordgedrag omgekeerd eweredig is met die stres wat 'n pasiënt ervaar. Dit het die laaste tyd veral in navorsing na vore gekom dat die serotonienvlakke in die brein baie belangrik is. Hoe laer die vlak van serotonien in die serebro-spinale vog, hoe meer aggressie en hoe meer selfmoordneiging daar aanwesig is. Merkwaaardig is dat lae cholesterolvlakke invloed het op die selfmoordneiging aangesien die serotonienvlakke daardeur beïnvloed word. Blykbaar is 'n lae cholesterolvlak verbonde met 'n laer neiging tot selfmoord. Die frontale deel van die brein is dan verder betrokke in verband met die inhibisie van bepaalde gedrag. Genetika is belangrik by selfmoord, aangesien dit duidelik is dat faktore soos familiegeskiedenis, asook identieke genetiese materiaal hoogs aanduidend is vir 'n voltooid selfmoord. By identiese tweelinge is die selfmoordneiging ses maal hoër as by die normale bevolking.

Navorsing het getoon dat die inligting oor die vervaardiging van serotonien op chromosoom 11 geleë is. By 'n homosigoot is daar 'n tekort met hierdie chomosomale afwyking wat dan 'n verhoogde neiging gee van selfmoord as gevolg van die

verminderde vervaardiging van serotonien. Blykbaar is ook chromosoom 17 betrokke by bepaalde stowwe in hierdie proses.

Behalwe biologiese faktore speel psigiese faktore ook 'n rol. By die voltooid selfmoord is 'n rigiede persoonlikheid met 'n kognitiewe rigiditeit dikwels 'n eienskap. By hoë stresvlakke en emosionele rigiditeit word daar 'n hopeloosheid ervaar wat dan lei tot 'n hoë selfmoordneiging. Hierdie proses dui dus ook op die tydelikheid daarvan, aangesien die hoë stresvlakke natuurlik nie altyd daar is nie. Die hulpeloosheid wat volg op die depressie en die onvermoë om bepaalde gedrag te reguleer en bepaalde gedagtes te vorm, veroorsaak dat daar 'n kombinasie is van interne en eksterne faktore wat by die selfmoord aanwesig is.

In die interne dialoog by die pasiënt kom dan die selfmoord-gedagtes na vore. Waar dit aanvanklik eers verwerp word, word dit later as die enigste alternatief aanvaar. Vanuit die navorsing het egter geblyk dat daar 'n biologiese behandeling bestaan om selfmoordgedrag te verminder. Litrium is hierby die middel van keuse. Van die antidepressante is dit bekend dat dit almal meerdere effekte het. Waar psigoterapie 'n duidelike rol speel, het dit tog geblyk dat dit nie net op die psigiese vlak lê, maar tog ook 'n moontlike biologiese behandeling van die breinprosesse beteken. By die depressiewe persoonlikheid is daar 'n konsentrasieverlies, asook 'n verlies aan belangstelling, pessimisme, stoïsimisme, asook 'n kognitiewe distorsie. Dit is egter belangrik om te onderskei dat by 'n ligte matige depressie die pasiënt altyd wilsbevoeg bly. Dit is egter moeilik om partykeer op die kliniese vlak vas te stel waar die pasiënt staan.

Dit is duidelik uit navorsing wat gedoen is, dat die aansoek om eutanase, of dokter geassisteerde selfmoord, 'n uitroep is om hulp en daarom is dit belangrik dat by 'n versoek om eutanase die pasiënt altyd eers psigies geëvalueer moet word. 'n Psigiater moet hierby onafhanklik bly en moet probeer om al die sielkundige faktore uit te lig. By die ou Romeine is die slaaf as die instrumentum vocale aangedui. Dr Grobler het die vraag gevra of dit ook so by die geneesheer geword het.

Prof. Kluÿts het daarna die posisie van die aktiewe eutanase in die huisartspraktyk verder beskryf. Deur die siekte van die pasiënt word die pasiënt in sy vrywillige verhouding met sy dokter in 'n afhanklike posisie gedwing. Dit is daarom belangrik dat hierdie afhanklike pasiënt nie deur die dokter geëksploiteer mag word nie. Alhoewel die pasiënt die soeker is, is die dokter nie noodwendig die skenker van die genesing nie. Prof. Kluÿts het 'n aantal beginsels van etiek verduidelik, naamlik die outonomie van die pasiënt met sy reg om oor homself te kan besluit, of met homself te kan handel. Die tweede punt die beneficiens en die derde die nonmaleficiens. As vierde punt word regverdigheid genoem en as vyfde punt waardigheid.

In die huisarts se praktyk word daar drie basiese verhoudings gesien. In die eerste verhouding verwag die pasiënt dat die dokter al die besluite moet neem. In die tweede basiese verhouding gee die pasiënt aan die dokter die uiterste beheer oor hulle verhouding. Die ideale basiese verhouding is die middeweg waarby beide 'n groot mate van kontrole uitoefen. Waar dit in beginsel deesdae 'n pasiënt-dokter-ooreenkoms moet wees, gebeur dit nie werklik so in die praktyk nie. As gevolg van die tussenbeide tree van die mediese fondse en die regering ontstaan daar dikwels 'n wanverhouding. As gevolg van die oorlewingsdruk van die dokter word die pasiënt meer en meer verplig om die verhouding te laat dikteer deur die dokter. Die pasiënt-dokter verhouding kan nie meer volledig ontwikkel as gevolg van die feit dat daar geen geld en geen tyd is nie. Die pasiënt wend hom daardeur dikwels tot alternatiewe medisyne.

Dit is bekend dat 25% van die pasiënte dikwels te skaam is om vir die dokter te vra hoekom hy bepaalde besluite neem; 11%



van die pasiënte dink dat simptome dikwels onbelangrik is en wil dan nie die dokter se tyd daarmee mors nie. Selfs by 'n gesonde pasiënt-dokter-verhouding sou daar nog baie probleme wees. Prof. Kluÿts is van mening dat die huidige eutanasië-wetgewing tot chaos lei. Die dokter word voor die dilemma geplaas dat hy in beginsel moet stry teen die dood en dat hy die sterflikheid van die mens moet aanvaar.

## Die regsprospektief

Die regsprospektief is uiteengesit deur prof. Rita Maré van Unisa. Prof. Maré het aktiewe eutanasië gedefinieer as die doelbewuste en opsetlike doodmaak van pasiënte deur die toediening van medikasie. Onder vrywillig verstaan sy dat daar ingeligte toestemming is, of dat hierdie eutanasië op versoek geskied.

Aktiewe eutanasië is in Suid-Afrika gewettig toe die Appèlhof in die saak van Clark v Hurst besluit het dat die kunstmatige voeding van die pasiënt gestaak mag word sodat die pasiënt kan sterf. Die Appèlhof het daarby oorweeg dat dit nie teen die regsdoelstelling van die gemeenskap is en dat die mediese wetenskap nou so ver gevorder het dat dit nie moeilik is om 'n pasiënt wat besig is om te sterf langer aan die lewe te hou nie. Die nuwe grondwet van Suid Afrika wat in 1994 aanvaar is beklemtoon die regte en vryhede van die individue met die reg op waardigheid as een van die belangrike hoekstene.

Die pasiënt-outonomie het in die saak van Castel v De Greeff na vore gekom. Die maatstaf in daardie hofsak was die ingeligte toestemming van die redelike pasiënt en nie die redelike geneesheer nie. Die pasiënt behoort ingelig te word oor die risiko van 'n operatiewe prosedure en die pasiënt behoort betekenisvolle feite gegee te word. Nie wat die dokter betekenisvol ag, word as die maatstaf aangehou nie.

In Nederland is aktiewe eutanasië reeds gewettig. In Australië was aktiewe eutanasië gewettig, maar is dit later afgewys. In Suid-Afrika is die geldende reg dat dit by aktiewe eutanasië steeds wederregtelik bly as iemand opsetlik iemand anders doodmaak, sodat 'n persoon aan moord skuldig bevind kan word. In die saak van Stunt v De Bullock het die ma, wat 'n mediese student was, haar eie baba verdrink wat as gevolg van breinskade in 'n vegetatiewe toestand was. Met haar mediese agtergrond het sy presies geweet wat vir die kind voorgelê het. Die moeder is veroordeel, maar is nie gestraf nie.

In die saak van S v dr Hartman het 'n mediese praktisyn sy 87jarige vader wat aan kanker gely het en wat reeds sterwend was, 'n dodelike inspuiting gegee. Dr Hartman is skuldig bevind, maar slegs 'n opgeskorte vonnis is gegee. Volgens die strafproseswet wat op daardie stadium gegeld het, kon egter nie 'n opgeskorte vonnis gegee gewees het en was dit nie 'n geldige vonnis gewees nie.

In die saak van S v Maringo het 'n seun sy 81jarige pa doodgeskiet omdat hy nie langer die lyding van sy pa kon aansien nie. Die seun is skuldig bevind maar nie gevonnissen nie.

In die saak van S v Smorenburg het 'n verpleegster 'n pasiënt 'n oordosis medikasie gegee. Die verpleegster is skuldig bevind aan moord, maar het slegs 'n ligte vonnis gekry.

By aktiewe eutanasië word daar dikwels gekyk na die motief wat dan as 'n versagende faktor aangevoer kan word. In twee van die sake was daar 'n onskuldig bevinding as gevolg van die ontoerekeningsvatbaarheid van die persoon wat die daad uitgevoer het.

Toestemming van die pasiënt wat vir aktiewe eutanasië vra, word as 'n regverdigingsgrond gesien, alhoewel by sekere

misdade nooit 'n regsgeldige toestemming gegee kan word nie. Die boni mores, wat die norme is wat in die maatskappy geld, lui dat daar nooit 'n regsgeldige toestemming vir moord gegee kan word nie. Die oogmerk wat net die beëindiging van die lewe op die oog het, is geen regverdigingsgrond nie. Die oogmerk moet wees geneesing of pynverligting.

Selfmoord word nie as 'n misdaad gesien nie. Doelbewuste hulpverlening by selfmoord kom neer op moord. In die saak van S v Peverit het 'n man en vrou probeer om selfmoord te pleeg deur hulleself in die kar te vergas. Die vrou is oorlede maar die man het dit oorleef. Die man is later skuldig gevind aan poging tot moord. In die saak van S v Grootjohn het 'n man 'n gelaaiete haelgeweer aan sy invalide vrou gegee om haarself daarmee te skiet. Hierdie laaste handeling het kousaal bygedra tot die eie vrywillige handeling waarby die pasiënt haarself doodgeskiet het. In die saak van S v Robert het 'n man 'n vuurwapen aan sy vrou gegee om haarself dood te maak. Die regbank het besluit dat die dood veroorsaak is deur die gee van die vuurwapen en dat die man dit voorsien het sodat die vrou haarself kon skiet en dat hy dit nie voorkom het nie. Die man is skuldig bevind aan moord en het 'n opgeskorte vonnis gekry.

Dieselfde geld vir 'n dokter wat 'n geneesmiddel aan sy pasiënt verskaf waardeur hy selfmoord kan pleeg. Ook daardie dokter is in beginsel skuldig aan moord. Daar kan geen onderskeid getref word by aktiewe eutanasië tussen die feit of die dokter self die middele toedien, of dat die pasiënt dit self neem nie. Die vraag is of die oorledene op daardie moment sou gesterf het of nie. Indien die lewe selfs met 'n paar minute verkort sou wees, is die dokter in beginsel skuldig.

Wanneer 'n dokter egter by 'n ongeneeslike siekte en by ondraaglike pyn moontlik 'n groter dosering gee om hierdie pyn te beheer en dit as gevolg daarvan die dood sou veroorsaak, kan dit nie as wederregtelike en opsetlike doodmaak van 'n medemens gesien word nie.

Prof. Maré is verder van mening dat aktiewe eutanasië nie deur die Menseregte Hoofstuk 2 van die nuwe grondwet geraak word nie. Die verbod op aktiewe eutanasië behoort nie ongrondwettelik te wees nie. Dit sluit egter nie uit die reg om te sterf nie. Hulpverlening by selfmoord soos in die Kanadese saak van Rodriques is egter ongrondwettelik.

In die Verenigde State is in 1997 uitspraak gegee in die saak van Washington v Gluckburg deur die Supreme Court dat hulp by selfmoord ongrondwettelik is. Vier geneesheer wou drie siek pasiënte help om te sterf en het by die hof aansoek gedoen om hulle te kan help. Die hof het egter besluit dat dit ongrondwettelik is en dat die reg om hulp te verleen by selfmoord nie 'n fundamentele reg is nie.

Die Regskommissie van Suid-Afrika het in sy onlangse voorstelling advies gegee dat aktiewe vrywillige eutanasië gewettig moet word. Hierby moet ingeligte toestemming dan aanwesig wees. 'n Tweede geneesheer moet hierdie saak bevestig, waarby 'n dodelike dosis gegee kan word. Aktiewe eutanasië is egter nie geregverdig nie. Terugvoer oor hierdie advies het bevind dat 50% van die mense hiervoor is en 50% daarteen. Die wat gekant is teen aktiewe eutanasië, sê dat dit strydig is met Hoofstuk 2 van die grondwet, aangesien niemand afstand kan doen van sy reg op lewe nie. Die voorstanders weeg menswaardigheid op teenoor die reg op lewe.

By aktiewe eutanasië is daar verder sprake van die reg op vryheid asook liggaamlike integriteit. 'n Verdere beskermreg is die redelike regverdigbaarheid van die reg wat beskerm word in Artikel 36 van Hoofstuk 2.

Prof. Maré is van opinie dat daar by aktiewe eutanasië gekyk

moet word na die kwaliteit van lewe. Indien die kwaliteit genoeg is, is dit strydig met die reg op lewe. Die morele konsensus dwing die regs-kommissie tot drie moontlikhede, naamlik ten eerste die bevestiging van die huidige regsposisie. Ten tweede die wettiging van aktiewe eutanase en ten derde die besluitneming van 'n komitee.

Indien vrywillige eutanase gewettig sou word, sou daar streng veiligheidsmaatreëls ingebou moet word om hierdie saak baie streng te beheer. Die vraag is egter dat al sou vrywillige eutanase gewettig word, dit die waardes van die gemeenskap sou reflekteer.

## Skriftuurlike perspektief

Ds Rob Visser, gereformeerde predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria Maranatha, het die Skriflig laat skyn. Hy het begin om te vra of dood wel deel van die goddelike skepping is. Adam as eerste mens het die proefgebod oortree en as gevolg daarvan kom die dood deurdat Adam en Eva eet, teen God se gebod, van die boom van kennis van goed en kwaad. Van daardie moment af het die liggaamlike dood begin intree. Deur die oortreding het die mens hom vervreem van sy Skepper, wat beteken dat hy 'n geestelike dood gesterf het.

Die dood is dus God se straf op die mens se sonde. In Romeine 1:12 en 6:23 word daar geskryf dat die dood die gevolg is van die sonde. Waar die dood dus die vyand is, het Christus deur sy oorwinning aan die kruis die oorwinning oor die dood behaal. 1 Korintiërs 15 leer dat Christus as koning moet heers, waarby die laaste vyand die dood is. Openbaring 21:4 laat ons weet dat eers in die nuwe hemel en op die nuwe aarde die dood sal verdwyn.

Vir die Skrifgetroue gelowige behoort die dood dus nie by die skepping nie. Die vertering van die liggaam lê voor, maar behoort nie by die lewe nie. Is die dood egter altyd die vyand in die Heilige Skrif? In die Bybel is daar dikwels ook 'n positiewe spreke oor die dood, byvoorbeeld oor die sterwe van Job en van Abraham, waar verklaar word dat die mense 'n lang lewe gehad het en versadig was van die lewe en daarna gesterwe het.

Job 5:26 en Psalm 116:15 vermeld dat in die lewe van die christene wat saam met God lewe, die dood nie 'n verskrikking is nie. Ook in sy sterwe het die gelowige deel aan God. In Romeine 14:7-9 lees ons dat niemand leef vir homself of sterwe vir homself nie.

Daar is ook gedeeltes soos Filippense 1 waarby gelowiges die verlange uitspreek na die dood, soos Paulus waar hy melding maak dat sterwe 'n wins is.

Daar kan egter nooit 'n stelling gemaak word dat die Bybel op twee maniere oor die dood praat nie, naamlik as vriend en as vyand nie. Die dood bly 'n verskriklike inbreuk op God se goeie skepping. Slegs Christus het die dood oorwin. Daar kan dus omstandighede wees waar dit moeilik is en waar 'n persoon daarna uitsien om te sterwe omdat hy met die Here wil wees. Hierdie omstandighede veroorsaak egter nie 'n verlange om homself dood te maak nie, maar wel dat die Here hom kom haal. Waar Paulus praat oor sterwe as wins, maak hy 'n balans op. Hy verlang na die dag om by God te wees en nie dat hy besluit op watter dag hy wil sterwe uit eie keuse of deur sy eie hande nie. Paulus handhaaf die Here se beskikking oor lewe en dood.

Christene kan praat oor goeie sterwe of 'n goeie en sagte dood, maar dit is slegs omdat hulle na die hemel toe gaan en verlos word van sonde en skuld. Die dood word dan gesien as 'n deurgang na die ewige lewe. Die dood is egter geen

troosryke uitsig vir 'n gelowige nie. Dit bly die laaste vyand.

As daar dus oor eutanase gepraat word, word die betekenis nie altyd op dieselfde manier gebruik nie. Die goed en die sagte deel van die doodgaan dui daarop dat die gelowige voorbereid is om te sterwe en na Christus te gaan. Die sterwe is dus goed, maar nie die dood self nie.

Bacon het in 1626 die eerste maal die woord eutanase gebruik. Die vraag kan egter gevra word of die mens die reg het om oor sy eie lewe te beskik. Kan die mens besluit oor die dag van sy dood, of kan hy 'n ander vra om die dag vas te lê? Volgens die Skrif is die mens gemaak na God se beeld. God is die Skepper. Sonder God kan 'n mens nie lewe nie. Die mens is uit stof gemaak. In Genesis 2 staan dat God self met sy asem lewe in die mens geblaas het. Die mens het 'n lewende siel geword as gevolg van God se aktiewe handeling. Die mens het nie homself daartoe gebring nie. Die mens is God se maaksel.

Psalm 104 leer dat 'n mens in elke asem van God afhanklik is. In Genesis 1:21-28 word gemeld dat die mens volgens God se beeld geskape is. Elke mens het 'n opdrag om die ander mense van hierdie wêreld in hom te laat sien dat God sy Maker is. Hy moet God se beeld wees. In Lukas 3 vermeld die Skrif dat die mens Jesus God se kind is, seun van Adam en seun van God. Jesus moet as beeld van God gehoorsaam wees aan God. Christus was hierby die volledige en volmaakte beeld, aangesien hy alles gedoen het wat sy Vader vir hom gesê het.

Die vryheid van die mens as God se beeld is dus geen onbepaalde vryheid nie. Net as die mens in goeie verhouding met sy God lewe deur Christus se navolging, dan eers is die mens 'n vrye mens. Die hoogste goed van die mens is dus nie sy selfsbeskikkingsreg nie, maar om Christus na te volg. Vryheid volgens die Skrif is dus vryheid volgens God se waarheid en volgens God se gebooie en om gehoorsaam daaraan te wees.

Die Skrif self praat nie duidelik oor aktiewe eutanase nie. Die Skrif praat egter wel oor persone wat selfmoord gepleeg het waarby dit dan opvallend is dat dit mense is wat hulle teen God versit. Die Bybel gee egter duidelik nie die vryheid aan 'n christen om homself dood te maak nie. In Genesis 9:6 word duidelik gestel dat die bloed van 'n mens nie vergiet mag word nie. Die mens is beeld van God. Daarom mag hy geen moord en selfmoord pleeg nie. Die gelowige se liggaam is tog die tempel van die Heilige Gees wat die mens nie self mag afbreek nie. Psalm 31:16 maak melding daarvan dat die mens se tye in God se hand is. Hy weet wat goed is vir ons. Dit is dus onmoontlik om aan die Here gehoorsaam te wees en dan jouself te wil doodmaak.

Waarby daar dus duidelik gestel word dat selfmoord 'n sonde is, kan selfmoord nie gelykgestel word aan selfopoffering nie, soos in situasies waarby 'n ander mens se lewe in gevaar is. Die selfopofferende selfmoord soos by Simson is so 'n voorbeeld. Ook by Christus is dit 'n selfopoffering waarby Hy sy lewe in uiterste liefde tot versoening afgelê het. Groter liefde het niemand gehad as Christus wat sy lewe opgeoffer het nie (Johannes 15:13). Johannes 3:16 hou ook in dat Christus sy lewe vir ons afgelê het om vir ons verlossing te bewerk.

By die probleem van die selfmoord moet daar dus nie net uitgegaan word van die feit dat dit voorkom moet word nie, maar eerder dat die pasiënt wat met hierdie gedagtes worstel, gehelp moet word. Die lewe behoort vir 'n Skrifgelowige christen 'n doel te hê. Die lewe vir die kind van God is nie nutteloos nie. God besluit self en in sy Hand is al sy kinders se lewe veilig. Dit is net die Here wat weet wat in die toekoms gaan gebeur.

By aktiewe eutanase moet daar dus duidelik gestel word dat

dit ongeoorloof is om die hand aan 'n mens se eie lewe te slaan. Ook mag niemand aan iemand anders vra om hom daarmee te help nie. Daar bestaan nie 'n algemene genadedood nie. Die algemene genadedood het niks met God se genade te doen nie. Hierdie beginsels staan lynreg teenoor mekaar.

Dit is dus vir die medikus belangrik om ook God se beeld te wees deur nie by aktiewe eutanase betrokke te raak nie. Die Skrifgetroue medikus behoort dus by 'n persoon met selfmoordgedagtes te wys op God se genade. Slegs Christus het die mag gehad om sy lewe af te lê. Christus, die ewige Seun van God, het dié bevoegdheid van God self gekry omdat hy as Verlosser van die mensheid gekom het. Christus wil nooit iets anders as die wil van God sy Vader wat in die Hemel is nie. Christus bid dan ook aan die kruis: 'Vader, in u hande gee ek my gees oor'.

Daar is dus 'n opdrag veral vir Skrifgetroue gelowiges om by mense wat om eutanase vra, te verduidelik hoekom dit in die lig van die Skrif nie geoorloof is nie. Die liefde tot 'n mens se naaste moet hom dryf tot die beste versorging en pynbestryding wat gegee kan word. By 'n ongeneeslike siekteproses wat tot die sterwe lei, moet daar ruimte en tyd gegee word om die sterwensbegeleiding te doen. Hierby moet die predikante dan ook saamwerk met die verpleegkundiges en die medici om die persoon wat besig is om te sterwe, te begelei en te wys op die goeie van die hiernamaals.

## Die versorgingsperspektief

Mev. Ella Wibbelink, verpleegster by Hospice en lid van een van die Gereformeerde Kerke, het duidelik gemaak dat goeie palliatiewe sorg kwaliteitlewe by 'n terminale pasiënt kan gee. Waar die sterwensproses 'n normale proses kan wees, moet die sterwe tog as 'n verlies aanvaar word. Die behandeling moet omvattende sorg wees wat nie net verpleging inhou nie, maar ook die toediening van medikasie inhou. Die selfstandigheid van die pasiënt, asook individualiteit moet erken word en die simptome moet onder beheer gebring word en die familie ondersteun. 'n Multi-dissiplinêre span behoort hierdie saak te koördineer. Indien die pynverligting goed is, kan daar nogtans probleme op die emosionele en sosiale gebied opduik, maar kan dit soveel makliker hanteer word. Die familie moet daarby ingeskakel en volledig ingelig word.

Die pasiënt behoort ondersteun te word as die pasiënt se geloofsekerheid wankel. Deur gesprekvoering kan sy angs dan verminder word en sy geestelike groei bevorder word. Hierby moet ons dink aan Hebreërs 12. Die gelowige se oë moet gerig word op die eindstreep van die wedloop, terwyl hy so 'n groot wolk van getuies rondom hom het. Vanweë die sosiale omstandighede is dit nie altyd moontlik dat 'n persoon tuis kan sterf nie. In hierdie geval speel Hospice 'n rol, sowel by die tuis-versorging van die terminale pasiënt, asook by die versorging van terminale pasiënte in hulle eie afdelings of by hospitale.

Die pynverligting en die pynhantering is bespreek deur dr Jacobs, narkotiseur. Waar die gewone pynmiddels moontlik nie meer genoeg kan wees nie, kan die volgende stap geneem word om na ligte narkotiese middels oor te gaan, terwyl die laaste stap van morfiënplakkers en intratekale toediening van morfiën 'n laaste middel kan wees. 'n Intratekale toediening kan selfs oor 'n langer tydperk as 6 maande gedoen word. Dit het ook uit die praktyk geblyk dat 'n terminale pasiënt nie baie pille wil drink nie. Die pasiënt wil dikwels helder by sy bewussyn wees en dan help 'n blok of infiltrasie dikwels om die pyn te verlig. Bestraling is 'n ander middel om pyn te beheer, asook spesifiek by beenpyn om 'n middel soos Calcitonine te gebruik. Die belangrike doel is dat die pasiënt meer selfversorgend moet wees en dat die dokter moet luister

en moet reageer op die pasiënt se behoeftes.

## Geïntegreerde skriftuurlike perspektief

By elke beoefening van die wetenskap, of dit nou geneskunde, die reg, of die versorging van terminale pasiënte is, lê die onveranderbare waarheid ten grondslag wat die Bybel aan ons voorhou. As sodanig is daar dus sprake van dat 'n ware Skrifgelowige christen 'n vooroordeel in sy wetenskapsbeoefening het. In die beoefening van sy wetenskap lê God se ewige norme vir hom as riglyne vir die beoefening van sy bepaalde tak van die wetenskap.

Die ware Skrifgelowige christen kan nooit soewerein wees in eie kring van sy eie wetenskapbeoefening nie. As die Skrif dus as riglyn by die oordenking van die problematiek rondom die aktiewe eutanase aangehou word, dan kan die volgende standpunt rondom aktiewe eutanase as volg geformuleer word.

- Die Skrif veroordeel die doodmaak, of help doodmaak van 'n medemens.
- Die sesde gebod wat lui dat 'n mens nie mag doodslaan nie, geld ook vir 'n mediese praktisyn wat met 'n sterwende pasiënt te doen het.
- Die sterwende pasiënt wat in baie pyn verkeer kan deur middel van goeie palliatiewe sorg en deur middel van goeie verpleegkundige sorg, asook pynbestryding gehelp word.
- 'n christen-pasiënt kan daarna uitsien om te sterwe om saam met Christus te wees, maar die moment van sterwe word deur die Here bepaal. Dat Hy daarby as instrumente 'n dokter of verpleegkundige kan gebruik, is buite twyfel. Dat hulle egter op hulle eie besluit om die lyding te verkort deur bepaalde middels toe te dien, of bepaalde middels aan die pasiënt te verskaf sodat hy dit self kan gebruik, om sodoende sy lewe te verkort, is onskriftuurlik en vir 'n christen nie aanvaarbaar nie.

Alhoewel die huidige regstelsel aktiewe eutanase nog steeds as wederregtelik beskou en dit nog steeds deur die regbank as verkeerd beoordeel word, word daar geen vonnis aan gekoppel nie. Nogtans sal dit 'n gelowige mediese praktisyn, asook 'n gelowige pasiënt nie beïnvloed indien die regstelsel sodanig sou verander dat aktiewe eutanase moontlik gemaak kan word nie. Daar is tekens dat die wetgewing sodanig sal verander dat dit soos in ander lande moontlik sal wees om 'n pasiënt se lewe te verkort, of waarby 'n pasiënt self mag kies om sy lewe te verkort. Die norm vir die pasiënt behoort ook nie daarin te lê of die wetgewing dit toelaat en of die regbank dit nie meer as 'n misdaad sien nie, maar of die Here dit in sy Woord as verkeerd voorhou en daarom verbied.

Die gelowige regspraktisyn sal dus ook nie saamwerk om aktiewe eutanase te bevorder deur middel van die opstel van bepaalde wetgewing of andersins nie. Ook vir die gelowige regspraktisyn geld dieselfde ewige norme van God soos vir die mediese praktisyn en vir die gelowige pasiënt. Dit kan selfs sterker gestel word dat die gelowige mediese praktisyn sowel as die gelowige regspraktisyn die plig het om in hulle eie beroepskring die norme van Gods Woord te handhaaf en dit duidelik en openlik te verkondig. Die Skrifgelowige psigiater en huisdokter sal dus 'n pasiënt wat met selfmoordgedagtes kom in 'n situasie waarin hy geen uitsig meer sien nie, die pasiënt met empatie moet behandel. Die nodige deskundige hulp asook medikasie kan hierby gebruik word. 'n Besliste standpunt sal deur die praktisyns ingeneem moet word en aan die pasiënt sal dit duidelik gemaak moet word dat 'n verkorting van die lewe geen oplossing is nie, maar intendeel 'n sonde teen God se sesde gebod. Die pasiënt sal ook die sekerheid moet kry dat hy op ander maniere gehelp kan word.



# BYBELPROGRAMME

## *Theophilos, 'n Dopper in die wêreldstad (1)*

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

### Weergawe 3 van Theophilos

'n Tyd gelede het weergawe 3 van die Bybelprogram Theophilos verskyn. U kan dit aflaai by <http://www.theophilos.sk/>.

### Programmeerder en naam van die program

Die programmeerder, Ivan Jurik van Joego-Slawië, het sy Bybelprogram die mooi naam Theophilos gegee. Theofilus was mos die man aan wie Lukas sy evangelie en die boek Handeling geskryf het (Lukas 1:3; Handeling 1:1). Ons ontvang God se verlossing verniet, sê die opsteller van die program, en daarom moet die Woord ook gratis versprei word.

### 'n Bybelvertaling en nog meer

U kry onder andere 'n Engelse vertaling van die Bybel (King James Version), die kommentaar van Matthew Henry en 'n woordeboek (Easton).

### 'n Besondere moontlikheid van Theophilos

Wat baie besonder is van Theophilos, is die moontlikheid wat dit bied om jou eie dokumente in Theophilos-formaat te verwerk. Ek het byvoorbeeld die hele Psalmboek in hierdie formaat verwerk en nou kan u met behulp van Theophilos woorde in die Psalmboek opspoor.

Hierdie omwerking word gedoen met behulp van 'n program genaamd Scribe. Scribe kan by dieselfde adres as Theophilos (<http://www.theophilos.sk/>) afgelaai word. Scribe is egter nie gratis nie. Eers wanneer dit geregistreer is, werk dit ten volle. U kan dit teen ongeveer R200 by Ivan Jurik registreer.

### 'n Biblioteek van gereformeerde werke

Die moontlikheid wat Theophilos bied om met behulp van Scribe jou eie dokumente in Theophilos-formaat te omskep, stel 'n mens in staat om 'n hele biblioteek van gereformeerde werke op te bou.

Daarmee het ek alreeds begin.

Op my tuisblad (<http://home.spg.co.za/bogaards/theophil.htm>) kan u onder andere die volgende gratis aflaai: die hele Psalmboek (formuliere, gebede en belydenisskrifte dus ingesluit), die kategismus van Calvyn, werke van en oor HF Kohlbrugge ('n proefskrif, 'n biografie van Kohlbrugge en sy kategismus), Bybelstudies, 'n verklaring van die kerkorde (dr J Visser) en nog baie meer.

Ek het verskillende verklarings van die Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls en Nederlandse Geloofsbelofte versamel, asook artikels oor die verbond en verskillende etiese kwessies.

Onlangs het ek begin om belangrike werke van Luther op te sit, onder meer sy uiters belangrike kommentaar op Galasiërs, sy Klein en Groot Kategismus, sy Tafelgesprekke en 100 preke van hom.

Op hierdie manier het ek al heelwat gereformeerde en ander reformatoriese werke omgewerk, wat op geen ander Bybelprogram beskikbaar is nie.

### Nog bydraes sal verwelkom word

My gedagte met Theophilos is om soveel as moontlik gereformeerde werke te versamel. Indien daar dus predikante en lidmate is wat studies (proefskrifte, artikels, Bybelstudies, ensovoorts) op hulle rekenars het, sal dit besonder waardeer word as u dit vir my wil stuur.

'n Mens sal voorts beslis daaraan moet dink om ons ou gereformeerde goud soos die *Versamelde Werke* van Totius en prof. WJ Snyman se *Nuwe en ou dinge* op rekenaar te kry. Indien iemand daarvoor kans sien, sal ek baie bly wees as u met my kontak kan maak by 053-384-0049 of by [ahbogaards@spg.co.za](mailto:ahbogaards@spg.co.za).

### Nog elektroniese biblioteke

Benewens die materiaal op my tuisblad bestaan daar 'n Engelse en Nederlandse biblioteek op die webruimte van Stichting Reformatica in Nederland (<http://www.meetingpoint.org/theophilos>). U kan gerus daar 'n draai gaan maak. Onder andere die Sizoo-vertaling van Calvyn se Institusie kan afgelaai word. Ek sal in elk geval ook 'n skakel onder my Nederlandse biblioteek na Meetingpoint aanlê, sodat u sommer direk van my tuisblad af die Institusie kan aflaai.

### Ook op CD beskikbaar

Daar is 'n CD van Ivan Jurik beskikbaar. Dit kos ongeveer R300.

Ek self versprei Theophilos en al die werke wat ek versamel en omgewerk het ook op CD, sodat mense wat nie Internetfasiliteite het nie, dit eweneens kan bekom. Dit doen ek sonder winsmotief. Die huidige weergawe word teen R50 (posgeld ingesluit) verkoop en die volgende sal nie veel meer wees nie.

Die titel van my CD is *Sola*. Dit verwys na die vyf sola's (alleen's) van die Reformasie: deur die Woord alleen, deur genade alleen, deur Christus alleen, deur die geloof alleen en aan God alleen die eer. Met hierdie titel wil ek sê wat my oogmerk is: *om die beginsels van die Reformasie uit te bou en te versprei*.

Buiten die genoemde werke op my tuisblad het ek ook nog die Nederlandse Statenvertaling en die American Standard Version – almal vertalings in lyn met die 1953-vertaling – op my CD. Helaas, vanweë kopiereg en kostes daaraan verbonde, is daar nog nie 'n Afrikaanse vertaling vir hierdie program nie.

**'N RAND PER WEEK  
VIR DIE BIBLIOTEEK**

*Is u al aktief?*

## JABES EN JESUS

André van Niekerk skryf oor die boekie 'Jabes se gebed' soos volg in *Beeld* van 17 November 2001.

*Wat maak Jabes so 'n groot sukses? Van Bruce Wilkinson se boekie, Jabes se Gebed, is al meer as 170 000 in Suid-Afrika verkoop. In die VSA tel die verkope in die miljoene. Boeke oor Jesus se Onse Vader-gebed het ongelukkig nog nooit naastenby sulke syfers bereik nie.*

*Die rekordverkope in die VSA het meegebring dat die boek hier uitstekend bemark is. Daarby is Wilkinson se skryfstyl onderhoudend, bondig en maklik verstaanbaar. Die boek is propvol anekdotes van suksesvolle lewens wat mens goed laat voel. Die gebed is slegs een sinnetjie met vier dele: 'Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie' (1 Kronieke 4:10).*

*Dat die gebed tot onlangs onbekend was, verhoog die gebed se mistieke karakter. Dit laat die leser wonder: is dit nie juis die stukkie wat in my godsdienstige legkaart kortkom nie? Hierdie gebed kan vir my wonderwerke en bonatuurlike seën meebring. Die boek beloof immers 'Jy kan 'n verskil maak in wat oor 'n minuut met jou gaan gebeur.'*

*Die aard van Jabes se gebed is waarskynlik die belangrikste rede waarom mense die boek koop. Mense wil nie hoor van Job, Prediker en Petrus se boodskap dat godsdiens nie lyding uitkakel nie. Mense hou van maklike suksesresepte. Die subtitel van die boek, 'Bloudruk vir 'n geseënde lewe', is veelseggend.*

*Hierdie gebed werk soos 'n mantra. Almal wat die gebed bid, se lewe verander. God verleen 'voorrang' aan mense wat dit met opregtheid bid. Hulle word suksesvolle mense, 'kry 'n sitplek in die voorste ry' en kom op 'God se ererol'. Op 'n slim manier word verklaar dat 'grondgebied vergroot' eintlik beteken dat jou invloed en mag vergroot word om beter oor God te kan getuig. En as die Here jou nie seën nie is dit net omdat jy nie dié gebid het om die seën te kry nie!*

*Dat Christene nie rooi ligte sien flikker met die lees van die boek nie, is 'n aanduiding van hoe swak ons onderskeidingsvermoë is. Kan een versie al die Bybel se aanduidings oor God se vrymagtigheid, die werklikheid van lyding en God se vrye genade uitkakel?*

*Volgens Jesus bid ons nie om God by ons lewe te laat inskakel nie. Ons bid dat ons by God se verlossingswerk ingeskakel*

*word. Daarom bid ons: laat u Naam geheilig word, laat u ryk kom, laat u wil geskied ...*

*Jabes daarenteen bid: seën my, maak my grondgebied groter, beskerm my, en weerhou onheil van my. Jabes se antieke oorlewingsgebed word as voorspoedsgeloof uitgelê. Dit pas die mense wat vra 'Wat is daar in godsdiens vir my?' Jesus stel egter nie belang om aan populêre vereistes te voldoen nie. 'Wil julle nie ook maar weggaan nie?' vra hy op 'n keer aan sy volgelinge (Johannes 6:67).*

*Gelowiges wat groot hartseer het, bankrotskappe beleef en aan kanker ly, hoef nie te bekommer oor waar hulle verkeerd bid of oor God se liefde twyfel nie. Jesus sê dat God se seën, vreemd genoeg, juis vir hulle bedoel is (Matteus 5:3-12). Lydende mense het ook die voorreg om te kan bid 'Ons Vader wat in die hemel is ...' (Matteus 6:9-15).*

Van Niekerk sit die mes diep in. Tereg. Die rooi ligte wat hy sien flikker, is beslis nie denkbeeldig nie. Die waarskuwing teen 'n voorspoedgeloof is besonder relevant. So ook die opmerking dat ons God nie by ons lewe moet inskakel nie, maar dat sake omgekeer moet word: ons moet tot eer van God leef. Die slotparagraaf slaan egter die hardste. Hoeveel mense wat deur die dieptes van ellende moes gaan, is nie al as gevolg van hierdie soort redenasie tot raserny gedryf nie? As gebed geen beterskap of herstel tot gevolg het nie, word dit aan die kleingeloof of ongelooft van die bidder toegeskryf. Hierteenoor bely ons: 'Ons het hierdie vaste grond dat die Vader ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het' (Heidelbergse Kategismus, antwoord 117); en: 'My gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer' (Heidelbergse Kategismus, antwoord 129).

Of Jabes se gebed – soos Van Niekerk beweer – 'n 'antieke oorlewingsgebed' is, is 'n ope vraag. Die ooreenkoms tussen hierdie gebed en Jakob se gelofte in Genesis 28:20-22 is ooglopend. Die bede om God se verbondseën gaan onlosmaaklik gepaard met die bede om te kan bly by God se verbondseise. Die gedagte dat Jabes se gebed 'n 'oorlewingsgebed' is, is eensydig. Sy smeking is in lyn met 'eis van My vrymoedig op my trou verbond' (berymd Psalm 81:12). Die troue Verbondsgod verhoor sy kind wat so tot Hom smeek – op sy tyd en wyse.

## PANIEKKWADRAAT

Oor die gebeure van die elfde September word nog steeds 'n vloedgolf van menings geopper. Die eerste skokke is in 'n mate verwerk. Die naskokke tril egter onverpoosd voort. Die voort-slepende oorlog in Afganistan dra heel beslis daartoe by. En die dreiging van 'n biologiese of chemiese oorlog. Die woord antraks, wat vir die gemiddelde landsburger tot op dese totaal vreemd was, het skielik inhoud gekry. Antraks lei tot paniek.

Prof. GJC Jordaan lewer in die redaksionele artikel van Die Kerkblad (7 November 2001) kortliks kommentaar op die 'Antraks-vrees'.

*Met die ampse paniek wat die posstukke met Antraks-besmetting in die VSA en elders ter wêreld gebring het, moet 'n mens probeer om perspektief te behou. In die eerste plek moet dit*

*duidelik onderstreep word dat chemiese en virologiese oorlogvoering per pos nie eens die naam 'oorlogvoering' verdien nie. Dit is moord in sy mees lafhartige vorm, gepleeg deur gewetenlose misdadigers wat nie weet wie hulle slagoffers is nie.*

*Die terreur-effek van die Antraks-aanvalle is dat dit mense onrustig maak. Hoe meer die Antraks-insidente word, hoe groter die benoudheid elke keer wanneer jy 'n posstuk oopmaak. Wanneer die hele samelewing in paniek gedompel is, het die terroris in sy doel geslaag. 'n Vreesbevinge bevolking gee immers maklik toe aan eise van watter aard ook al.*

*Die donker Antraks-wolke wat oor die Westerse samelewing saampak, vereis uiteraard voorsorgmaatreëls en verantwoordelike versigtigheid. Maar dit is ewe verantwoordelik om nie paniek-*

bevange te raak en aan intimidasie toe te gee nie. Wat ons doen, doen ons immers in die verantwoordelikheid van die geloof. Ons het '... vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader ... dat geen skepsel ons van sy liefde kan skei nie, aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie' (Heidelbergse Kategismus, Sondag 10).

In 'n voetnoot wys prof. Jordaan op 'n ander vorm van besmetting, wat eintlik paniek kwadraat tot gevolg behoort te hê.

As ons uit vrees vir Antraks-besmetting versigtig is om nie sommer enige koevert wat aangestuur word, oop te maak nie, vanwaar dan die onversigtigheid om ander dinge wat 'aangestuur'

word, ewe goedsmoeds 'oop te maak'? Ek verwys na TV-programme wat in ons huise ingestuur word. Ons weet dat daar onder die programme ook dié is wat ons geestelik kan vergiftig – geestelike Antraks-bomme. Tog skakel ons dikwels onoordeelkundig daarop in en laat selfs ons kinders toe om na willekeur 'TV-pakkies' oop te maak en te kyk. Na my mening verg TV-kyk dieselfde oordeelkundigheid as waartoe die Antraks-bedreiging ons dwing.

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor! Wat vir TV geld, geld vir musiek, internet, fliks, koerante, tydskrifte – kortom, alle media waaraan ons blootgestel word.

## JEUG IN VERWARRING

Die gesprek oor die opkomende geslagte in die kerk mag nooit ophou nie. Daar moet voortdurend besin word oor die bediening van die jeug: deur katekisasie, Bybelstudie, dienslewering, gesamentlike ontspanning, ensomeer. Die jeug moet ooreenkomstig die doopbelofte 'in die leer van die kerk onderrig en laat onderrig word'.

Dit is egter verontrustend om waar te neem hoe maklik die klem in die gesprek rondom die jeug (kan) verskuif. Die vraag wat deurgaans gevra word, is: hoe kan die jeug vir die kerk behou bly? Die antwoord: maak die kerk jeugvriendelik. Skep 'n jeugkerk vir die kerkjeug. Dit word bevestig in 'n verslag wat Neels Jackson vroeër vanjaar in *Beeld* geskryf het.

Jong mense 'soek 'n eietydse, informele, funky kerk'. Dit het Saterdag duidelik geblyk op 'n jeugberaad van die NG Kerk in Suid-Transvaal.

Sowat 120 verteenwoordigers van die hoërskooljeug het onder die tema *y@church.ngkstvl* die geleentheid gekry om self te sê wat hulle behoeftes in die kerk is.

Eredienstyl is een van die sake waarvoor jong mense sterk voel. 'Almal wil 'n band hê vir praise and worship om die kerk lewendig te kry,' het hulle onder meer gesê.

Oor die kerkliedere het een groep dit baie reguit gestel: 'Die liedjies wat ons in die kerk sing, suck!' Hulle vra musiek 'met 'n lekker beat' soos dié van die gospelsanger Louis Britz wat die lofprysing en aanbidding gelei het. Daarom moet daar in die kerk 'n band wees met tromme, baskitaar en keyboard.

Hulle wil ook tekkiedienste hê waarheen hulle informeel kan aantrek. 'n Jean is funky. If it is comfortable, why not?' het 'n groep gesê.

Hierbenewens wil die jeug ook leiding van die kerk oor verskeie sake hê. Satanisme, engele, seks voor die huwelik, aborsies, drankmisbruik, dwelms, raves, gays en selfmoord is van die sake wat genoem is.

Hulle hou van getuïenisse deur gewone mense pleks daarvan om net dieselfde 'boring goed' te hoor.

Die hoërskooljeug voel ook sterk daarvoor dat hulle inspraak wil hê in wat in die kerk gebeur. Die gedagte van 'n jeugkerkraad het groot byval gevind. Hulle wil soos vriende behandel word, nie soos kinders nie.

Hoewel daar duidelike eie behoeftes vir die jeug geformuleer is, is daar telkens gesê dat hulle na die 'ou mense' ook wil luister. Hulle wil hê daar moet in die kerk plek vir almal wees sodat dit 'one big happy family' kan wees.

Hulle wil ook nie aan die kerklike leer torring nie. 'Ons is nie

teen wat ons glo nie, maar nuwe idees is nie noodwendig sleg nie,' het een meisie gesê.

Nog 'n tema wat na vore gekom het, is: 'Diskriminasie sucks'. Daaronder is verhouding tussen die geslagte, tussen oud en jonk, wit en swart asook die posisie van gestremdes aangeroer. Jong mense het ook aangedui dat hulle wil uitreik en omgee vir die wêreld om hulle.

Dis vir hulle voorts belangrik dat Christenskap 'n 'fun experience' moet wees en avontuurkampe en jeugselgroepe is van die goed wat genoem is om dit te bereik.

Die menings wat uit die beraad na vore gekom het, gaan nou deur die jong mense self verwerk word tot 'n aanbieding wat vyf van hulle in September by die sinode gaan doen.

'n Mens se eerste reaksie kan wees: Tipies taal van die jeug; dit sal oorwaai as hulle volwasse word. Maar as 'n mens verder oor die saak besin, kan jy nie by so 'n eerste reaksie vassteek nie. Die uitlatings wat die jeug maak, noop 'n mens om te dink oor wat daartoe aanleiding gee. Aan die een kant wil die jeug nie aan die 'kerkleer torring' nie. In dieselfde asem vra hulle vernuwering in alle ander opsigte: vorm van erediens, kerkregering, onderlinge meelewing, optrede na buite. Saamgevat: behou die leer, maar verander die lewe.

Hoe is dit moontlik? Leer en lewe is immers een. As daar na nuwe (totaal ander) vorme van kerkregering en erediens gevra word, kan dit nie anders nie as dat dit voortspruit uit 'n nuwe (totaal ander) siening oor dié sake nie. Daardie nuwe siening is op sy beurt gevorm deur 'n nuwe (totaal ander) wyse van Woordverkondiging en kategeses. Slotsom: die kerkleer - waaraan volgens die jeug nie getorring moet word nie - het in effek tóg verander, en is steeds besig om te verander. Dat dié slotsom nie al te vergesog is nie, blyk uit ingrypende besluite wat die NG Kerk die laaste jare geneem het oor onder andere kindernagmaal, homoseksualisme en die erediens. Op papier word die drie formuliere van eenheid bely. Maar wat kom daarvan tereg in die praktyk? In hoe 'n mate is die kerkjeug wat die jeugberaad bygewoon het, daarin onderlê? Watter voorbeeld sien hulle in 'voorlopers' soos Christina Landman en Sakkie Spangenberg?

In ons eie kring: hoe staan sake onder die Gereformeerde kerkjeug? Is leer en lewe by ons nog een geheel? Elke Woordbedienaar en kategeet en Bybelstudieleier word deur 'n koerantberig soos hierdie aangespreek. Leer die jeug om ooreenkomstig 2 Timoteus 3:14 en 15 vas te staan op die fondament van die Skrifte – 'Bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus'.